

MY AFRIKAANSE TAALBOEKIE

'N REEKS TAALBOEKIES VIR DIE LAER SKOOL

INGERIG VOLGENS
DIE VOORGESKREWE STANDAARDS

DEUR

O. VAN OOSTRUM O. 1^e kl.

Dosent, Normaalskool, Pretoria

MET DIE MEDEWERKING VAN

D. J. ACKERMANN B. A.

Hoof, Hoër Skool, Somerset Wes

STANDAARD I



DRUKKERIJ EN UITGEVERIJ J. H. DE BUSSY, PRETORIA
HOLL.-AFRIK. UITG.-MIJ. V/H. JACQS. DUSSEAU & CO., KAAPSTAD
1926

372.6

VAN

VOORBERIG.

Die taalonderwys in die laer skool het drieërlei doel:

1. Dit moet die taal vir die leerling duideliker en verstaanbaarder maak.
2. Dit moet hom leiding gee om die taal korrek te leer gebruik.
3. Dit moet hom leer om sonder foute te skrywe.

Met die oog op die eerste doel maak ons, veral in die eerste paar Standaards, maar ook later nog, baie werk van die betekenis van woorde, en in die hoër Standaards van die sin die sinsontleding en die onderlinge verband van die sinne in 'n samehangende stuk.

Om die tweede doel te bereik gee ons opklimmende oefeninge in korrekte uitdrukking van gedagtes, eers na aanleiding van prentjies en as antwoorde op vrae; later, in St. IV en V, gee ons stories sonder woorde, voorgestel in 'n reeks van prentjies, wat die leerlinge volgens hulle eie opvatting in woorde moet weergee; en uiteindelik, in St. V en VI, word onderwerpe vir opstelle opgegee, wat die leerlinge elkeen op sy eie manier en na sy eie geaardheid moet uitwerk.

Vir die skrywe van die taal is kennis van spelling nodig. Dit word egter te min gerealiseer dat die spelling van Afrikaans heeltemal op 'n ander manier aangeleer moet word as die spelling van Engels. Die grote gros van Afrikaanse woorde word foneties gespel, en die origes volgens 'n paar eenvoudige reëls. Die spelling met enkele of dubbele *a*, *e*, ens., of met enkele of dubbele medeklinker is nie 'n kwessie van onthou nie, maar van die toepassing van reëls. Vir hierdie doel is dit volstrekt noodsaaklik dat die leerlinge die woorde moet leer verdeel in

lettergrepe. Daarom gee ons in die eerste paar Standaards baie oefeninge op daardie punt.

Verder gee ons oefeninge met betrekking tot klinkletters wat dikwels slordig uitgespreek word, soos in woorde met *ui* of *ei*, *eu* of *ee*, *uu* of *ie*. Hoofsaak is hierby dat sulke woorde deur die onderwyser goed voorgesê word.

Die gebruiker van die boekies sal opmerk dat ons vir behoorlike afwisseling gesorg het; hierdeur word verveligheid vermy.

Elke nommertjie is bedoel vir één lesperiode. Gereken teen twee lesse per week, maak die boekies dus voorsiening vir veertig weke. As daar soms onder die oefeninge wat uit 'n reeks aparte woorde of sinne bestaan, hier of daar een is wat te veel werk vir die bestemde tyd gee, kan die onderwyser dit gemaklik verkort.

Die skrywer is opreg van mening dat hy deur die uitgawe van hierdie boekies ook iets doen om die Afrikaanse onderwys vorentoe te help.

Mag die uitkoms dit bevestig.

DIE SKRYWER.

VERVOLG VAN VOORBERIG.

Die Medewerker het met genoeë 'n handjie bygesit met die samestel van hierdie boekies, omdat hy meen dat onderwysers so 'n handleiding gretig sal ontvang. Nie omdat hulle self sulke oefeninge nie *kan* of *wil* opstel nie, maar omdat in die plaasskool die onderwyser soveel klasse tegelyk moet behartig dat gedrukte oefeninge onontbeerlik is; terwyl in die dorpskool daar alle moontlikheid bestaan dat, waar verskeie onderwysers een na die ander die leerling vir 'n jaar het, die taalmoeilikhede nie sistematies genoeg van jaar tot jaar aangepak en opgelos word nie.

Natuurlik dien die boekies maar net as handleiding en kan die onderwyser aanvul, wysig of weglaat na verkiesing.

Hulle is opgestel meer bepaald ooreenkomstig die leerplan van die Kaapprovinsie.

Dat die boekies menig oorlaaide kollega meer as een uur mag bespaar sonder om hom enigsins in versoeking te bring is die wens — dat van sy soort hierdie reeks goed is is die oortuiging van

DIE MEDEWERKER.

OPSOMMING VAN DIE INHOUD.

(Die nommers verwys na die lessies.)

I. UITDRUKKING VAN GEDAGTES.

Wat 'n sin is	1
Antwoorde op vrae omtrent prentjies	4, 7, 10, 16, 19, 23, 26, 29, 32, 35, 39, 42, 45, 49, 53, 57
Onafhanklike beskrywing van prentjies	61, 65, 69, 73, 77, 80
Ander oefeninge om sinne te maak	13, 33, 43, 60, 66, 71, 75, 79

II. SPELLING.

a. Lettergrepe.

Wat 'n lettergreep is	3
Met een medeklinker tussen twee klinkers	11, 25
Met twee verskillende medeklinkers tussen twee klinkers	20
Met dubbele medeklinker	28
Met enkele of dubbele medeklinker	37
Sonder medeklinker tussenin.	40
3 Lettergrepe met een of twee medeklinkers	51, 53
3 Lettergrepe met en sonder medeklinker	64

b. Meervoude (algar op e).

Net met <i>e</i> agteraan	22, 31
Met of sonder verdubbeling van medeklinker	38, 41, 46
Met klinker wat enkeld word	50, 55, 62

c. Vergrotende Trap, met of sonder verdubbeling

56, 68

d. Keus van letters.

<i>ei, ui</i>	8
<i>eu, ee</i>	15
<i>uu, ie</i>	24
<i>ui, eu</i>	34
<i>aa, ee, oo, uu</i> , enkeld gespel op die end van 'n letter- greep	47, 50, 55
Enkelde of dubbele klinker in te vul.	59, 63, 67, 70
Enkelde of dubbele medeklinker in te vul	52, 58, 72, 74, 76, 78

e. Hoofletters 2, 5, 6, 17, 27**III. WOORDVORMING EN WOORDVERKLARING.**

14, 21, 30, 36, 44, 54

1.

By die Skool.



Ek wil jou iets vertel oor die jongetjies.

Die jongetjies speel.

Ek wil jou ook iets vertel oor die meisies.

Die meisies speel ook.

Wat het ek eers vertel?

Die jongetjies speel.

Hierdie woorde maak 'n **sin** oor die jongetjies.

Wat het ek oor die meisies vertel?

Die meisies speel ook.

Hierdie woorde maak 'n **sin** oor die meisies.

Nou sal ek weer 'n sin sê:

Die kinders speel by die skool.

Dit is 'n **sin** oor die kinders.

Onthou:

As ons iets vertel, maak ons 'n **sin**.

Ons maak 'n sin van woorde.

Maak nou ses sinne oor ses dinge in die skool.

2. Lees hierdie sinne:

Die skool begin om halfneë.

Ons moet nooit laat kom nie.

Kyk goed na hierdie twee sinne.

Watter soort letter staan in altwee sinne vooraan?

'n Hoofletter.

Wat staan agter elke sin?

'n Punt.

'n Sin begin altyd met 'n hoofletter, en agteraan staan 'n punt. Maar die woordjie **'n** skrywe ons nie met 'n hoofletter nie.

Skrywe daardie twee sinne oor.

Skrywe nog twee sinne oor die skool. Moenie die hoofletter en die punt vergeet nie.

Skrywe ook twee sinne oor die perd.

Ook twee oor die reën.

En twee oor jou pa..

3. Sê hierdie woord: **pampoen**.

Hoeveel keer maak ons die mond oop om **pampoen** te sê?

Twee keer; want eers sê ons **pam**, en dan sê ons **poen**.

Dus ons sê die woord **pampoen** in twee stukke.

Elke stuk is 'n *lettergreep*.

So het die woord **pampoen** dus *twee lettergrepe*.

Sê die woord **pampoenpit**.

In hoeveel stukke sê ons hierdie woord? In drie stukke; eers **pam**, dan **poen**, en dan **pit**. So is dus **pampoenpit** 'n woord van *drie lettergrepe*.

En hoeveel lettergrepe het die woord **man**? Net maar een.

Hieronder staan 'n klomp woorde. Skrywe daardie woorde oor, en skrywe agter elke woord, hoeveel lettergrepe dit het. Hier staan 'n voorbeeld:

perskeboom — 3 lettergrepe

pruim — 1 lettergreep

appel — 2 lettergrepe

son, Sondag, sondagskool, winkel, winkelier, sout, prent, prentjie, prentjieboek, krag, stok, stokflou, perdestal, mielie, mieliepit, streepsak, kinders, bees, biltong, stoeltjie, water, lemoen, lemoene, vader, vaderland, pa, tafel, rivier, verwonder, apart, rekening, katoen, velkombers, draad, verstandig.

4.

Houtkap.



Wat staan daar op die prentjie? Op die prentjie
staan

Watter klere het die man aan? Die man.....

Wat het hy aan sy voete? Aan sy voete

Watter kleur is sy broek? Sy broek

Watter kleur is sy hemp? Sy hemp

Wat het hy op sy kop? Hy het
 Wat lê daar voor hom? Voor hom
 Wat het hy in sy hande? Hy het
 Wat maak hy met die byl? Met
 Wat gaan hy met die gekapte hout maak? Met ..
 Wat staan daar nog meer op die prentjie?
 Daar staan

5. Hier staan 'n klompie name van kinders:

Marie, Jakob, Jan, Bettie.

Wat is die eerste letter van elke naam?

'n Hoofletter.

Lees hierdie sinne:

Marie is die naam van 'n meisie.

Hier is 'n jongetjie; sy naam is Jan.

Maak hierdie sin vol:

My naam is

Skrywe self twee sinne met die naam van 'n jongetjie vooraan.

Ook twee met die naam van 'n meisie agteraan.

Skrywe nog vyf name van jongetjies.

Ook nog vyf name van meisies.

6. Lees hierdie woorde:

Jan, Piet, Klaas.

Dis die name van drie seuntjies.

Ons noem hierdie woorde **Naamwoorde**, en ons skrywe hulle met 'n **hoofletter**.

Vul in:

Naamwoorde.

Wat is jou naam?

My naam is

Wat is jou pa se naam?

My pa se naam is

Wat is jou ma se naam?

My ma se naam is

Wie sit langs jou?

Langs my

Wie sit voor jou?

Voor my

Wie sit agter jou?


Agter my

Watter kinders sit ook nog in jou klas?

In my klas

7.

Horlosie.



Wat is dit?

Wat kan ons op die horlosie sien?

Wat hang onderaan die horlosie?

Wat maak die slinger?

Wat staan op die wysterplaat.

Hoeveel ure kan die horlosie wys?

Waarmee wys dit die tyd aan?

Wat wys die klein wyster?

Wat wys die groot wyster?

Wat sit binnekant in die horlosie?

Waarmee word die horlosie opgewen?

Waar hang die horlosie?

8.

ei, ui.

Sit in die plek van die strepies *ei* of *ui*, sodat dit goeie woorde vorm.

Die kat het 'n kl—n m—sie gevang.

Daardie m—sie speel op 'n fl—t.

Ek hoor die gel—d van die tr—n.

Ons h—s staan by die Kerkpl—n.

My t—ntjie is maar kl—n.

Ag, hoe h—l die ou kl—ntjies!

Die br—d dra 'n lang wit sl—er.

Daar, kr—p 'n slang deur die t—n.

Ek r—s dikwels met die tr—n.

Daar gaan 'n kl—n voetpaadjie oor die st—l berg.

Die padda sit by die spr—t op 'n kl—tjie.

Ons m—d is —t; sy kom eers laat t—s.

Ons melkkoei het 'n baie groot —er.

Daardie br—n hen lê baie groot —ers.

Sy het nou 'n hele klomp kl—n k—kentjies.

9. Skrywe die volgende getalle in woorde:

1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13, 14,
15, 16, 17, 18, 19, 20, 30, 40, 50, 60, 70, 80, 90, 100.

Skrywe dit soos hieronder staan:


1 — een.

2 — twee.

3 —

10.

'n Hond.



Skrywe die antwoorde op hierdie vrae. Moenie die hoofletter en die punt vergeet nie.

Wat is hierdie hond se naam?

Wie is sy baas?

Waar woon die baas?

Watter kleur is die hond?

Vertel nou self verder iets oor sy pote, sy ore, sy tande, sy tong, sy stert en sy neus.

11. Verdeel die volgende woorde in lettergrepe:

buite, reuse, woelig, boeke, spuite, kleiner, geurig, gierig, hoeke, stoele, spyker, drywe, boere, skrywe, suinig, vlytig, stuiwer, briewe, kuiken, droewig, stuitig, kleure, druiwe, struikel, leisel, spruite, moeder, kluite, heilig, ruiters, beitel, stoepe, vroetel.

Skrywe dit soos hieronder staan:


bui-te, reu-se, en so verder.

12. Hoeveel?

Ek het kop.	Ek het tone.
Ek ore.	Ek arms.
Ek oë.	Ek mond.
Ek voete.	Ek neus.
Ek vingers.	Ek naels.
Ek knieë.	Ek hare.
Ek bene.	Ek neusgate.
Ek pinkies.	Ek duime.
Ek nek.	Ek hakskene.
Ek keel.	Ek heupe.

13.

Skooltjie speel.



Jan en Lenie speel skooltjie. Jan is die meester.
Hy vra, en Lenie moet antwoord.

Jan.

Wat eet dié koei?
Wat lê die hen?
Wat vang die kat?

Lenie.

Die koei
Die hen
Die kat

Wat dra die boom?	Die boom
Wat trek die os?	Die os
Waar leer 'n kind?	'n Kind
Waar staan die tafel?	Die tafel
Waarmee kyk ons?	Ons
Waarmee hoor ons?	Ons
Waarmee praat ons?	Ons
Waar in lees ons?	Ons
Waar woon die voëltjies?	Die voëltjies
Hoeveel is 18 en 3?	18 en 3 is
Hoeveel is 18 min 3?	18 min 3 is
Hoeveel is 18 maal 3?	18 maal 3 is
Hoeveel is 18 gedeel deur 3?	18 gedeel deur 3 is ...

14.

Watter dinge?

'n Pot vir suiker is 'n
'n Pot vir blomme is 'n
'n Bottel vir melk is 'n
'n Sak vir meel is 'n
'n Sak vir koring is 'n
'n Kas vir kos is 'n
'n Kas vir boeke is 'n
'n Bak vir as is 'n
'n Bak vir spykers is 'n
'n Bord vir sop is 'n
'n Lepel vir pap is 'n

'n Beurs vir geld is 'n
 'n Hok vir hoenders is 'n
 'n Vorm vir poeding is 'n
 'n Rak vir boeke is 'n

15.

eu, ee.

Vul in met *eu* of *ee*.

Piet, v— jou n—s af met die sakdoek.
 Dawid het die r—s Goliath verslaan.
 Dit dr—n soos die waens verby ry.
 Die kinders sp—l op die gras.
 'n Pouv—r het baie mooi kl—re.
 Daar staan die d—r alw—r oop.
 Daardie s—n het sy b—n s—r gemaak.
 Ek st—r my nie aan praatjies nie.
 Die osse b—r elke k—r swaar aan die ploeg.
 Die tuin is vol van die h—rlike g—re van die
 blomme.
 In die winter tr—r die veld en die bome.
 Terwyl Pa hom sk—r, sal Ma gou-gou die sk—r
 in sy baadjie heelmaak.
 Klaas het sy b—n gebr—k, maar die br—k sal
 wel gou w—r gen—s, sê die dokter.

16.

Hasies.



Watter diere sien jy op hierdie prentjie?

Hoeveel van hulle is daar?

Hoe lyk hulle ore?

En hoe is hulle stert?

Wat doen die twee aan die linkerkant?

Wat doen die een daar ver?

Waarom staan hy so regop?

Wat doen die ander een daar op die veld?

Hoekom kan hy so vinnig hardloop?

Wat doen die boer as hy hulle sien?

En wat maak hy as hy hulle geskiet het?

Hoe smaak hulle?

17. Lees hierdie name:

Oudtshoorn, Kaapstad, Varkfontein.

Oudtshoorn is 'n groot dorp.

Kaapstad is 'n stad.

Varkfontein is 'n plaas.

Wat merk jy op aan die eerste letter van elkeen van hierdie name?

Onthou: Die name van plekke word met 'n **hoofletter** geskrywe.

Skrywe die naam van die plaas waar jy woon.

Skrywe die naam van die dorp waar jy woon.

Skrywe die naam van ander plekke wat jy ken.


Skrywe nou jou eie naam, en daaronder die naam van die plek waar jy woon.

18. Hoeveel?

'n Perd het		kop.
'n Perd het		pote.
'n Voël het		pote.
'n Os het		stert.
'n Hond het		ore.
'n Vlieg het		pote.
'n Spinnekop het		pote.
'n Kat het		bek.
'n Haan het		spore.
'n Haan het		kam.
'n Huis het		mure.
'n Wa het		wiele
'n Voël het		vlerke.
'n Vlieg het		vlerke.
'n Mens het		vingers.

19.

Kat en Muis.



Bekyk hierdie prentjie; dit is die vloer van die spens.

Wat lê daar alles?

Wat wil Ma daarmee maak?

Watter van daardie soorte groente is vir jou die lekkerste?

Watter klein dief het in die spens gekom?

Hoe het hy daarin gekom?

Wat maak hy daar?

Wie het gemerk dat daar 'n muis is?

Wat kom die kat nou daar doen?

Wat maak die muis nou?

Waarheen vlug hy?

Sal die kat hom vang?

Wat gaan die kat met hom doen as hy hom kry?

20. Verdeel in lettergrepe:

stamper, wortel, mantel, party, kasteel, dogter,
varke, kinders, wonder, oorlog, drumpel, kampe,
winter, stompie, handig, wagter, beeste, magtig,
deksel, halter, helder, kwaste, winkel, aardig,
planter, donker, orde, helper, kantoor, perde,
verder, waarde, splinter, onder, rustig.

21. Vul dit in:

'n Hok vir 'n vark noem ons 'n

'n Pot vir tee

'n Sak vir water

'n Bakkie vir die seep

'n Vaas vir blomme

'n Kraal vir skape

'n Beker vir melk

'n Mes om die brood te sny

'n Wa wat deur perde getrek word

'n Eier van 'n kalkoen

'n Bed van vere

'n Kussing om spelde op te steek

'n Kombers van velle

'n Kussing om op die stoel te lê

'n Kas vir die klere

22. Lees dit mooi:*Een.**Meer as een.*

deur

deure

riem

rieme

boek

boeke

wolk

wolke

plank

planke

Skrywe nou die volgende oor en vul dit in.

Een en meer as een.

Een skoen, en nog meer skoene.

Een hoed, en nog meer

Een berg, en nog drie

Een slang, en nog vier

Een hond, en nog vyf

Een stoel, en nog ses

Een seil, en nog tien

Een broek, en nog tien

Een lei, en nog 'n dosyn

Een lamp, en nog drie

Een vink, en nog heelparty

Een huis, en nog baie

Een bank, en nog 'n paar


Een stoep, en nog twee

Een boek, en nog 'n rak vol

Een riem, en nog baie meer

23.

Moter.



Wat is dit?

Waarvan is die moter gemaak?

Hoeveel wiele het hy?

Waar sien jy nog 'n wiel?

Wat maak hulle met daardie wiel?

Waar is die masienerie?

Wie sit daar in die kar?

Waarmee stuur sy die kar?

Waar ry sy na toe?

Wat doen sy as sy by die hek 'kom?

Wat is daar anderkant die hek?

Waar staan die huis?

Wat is daar agter die huis?

En wat is daar in die verte?

24.

uu, ie.

Vul in met *uu* of *ie*.

Daar is 'n m—rshoop by die kraalm—r.

S—r appels is teenswoordig d—r.

H -r is ons koringsk—r.

Wilde d—re is hang vir die v r.

Pa het 'n span osse geh—r van ons b—rman.

Daar slaan die klok al v—r—r.

Die meid word na die riv—r gest—r om te was.

Die t—r het oor die m—r gespring.

Jan maak v—r met ou pap—re.

Julle ples—r sal nie lank d—r nie.

Die weer is in h—rd - maand baie g—r en on-
aangenaam.

My oupa se hare is al sp—rwit.

25. Verdeel in lettergrêpe:

water, somer, salig, lelik, rumoer, nuwe, laken,
matig, koring, vurig, vader, woning, varing, hamer,
poging, dames, ruwe, lepel, horing, mure, lewer,
Karel, kosyn, kewe, doring, suing, tafel, koning,
krale, rusie, kole, lewe, olie, ewig, blare.

26.

Kind en hoenders.



Hoeveel groot hoenders is hier?

Watter een is die grootste?

Wat het die haan op sy kop?

Hoe lyk sy stert?

Wat sê die haan as hy kraai?

Hoeveel kuikentjies is daar?

Hoeveel van hulle is naby die bakkie?

Waarom kom die ander drie aangehardloop?

Wie gee hulle kos?

Waar woon die dogtertjie?
 Wat loop daar in die veld?
 En wat kom daar aan op dié pad?
 Waarvandaan kom hy?
 Waarnatoe gaan hy?

27.

Die dae.

Die eerste dag van die week is
 Die tweede dag van die week is
 Die derde dag van die week is
 Die vierde dag van die week is
 Die vyfde dag van die week is
 Die sesde dag van die week is
 Die sewende dag van die week is

Let op: die name van die dae skrywe ons met
'n hoofletter.

Watter dag kom na Maandag?

Na Maandag kom

Watter dag kom voor Vrydag?

Voor Vrydag kom

Watter dag is die middelste?

Die middelste dag is

Watter dag het ons vandag?

Vandag het ons

Watter dag was dit gister?

Gister was

Watter dag kry ons môre?

Môre kry ons

28. Verdeel in lettergrepe:

damme, drukker, klopper, lekker, sitting, korrel,
koppig, wakker, sukkel, wollig, ketting, karring,
bakker, botter, soppig, liggaam, binne, velling,
stamme, penne, rowwe, hakkel, redding, wikkel,
brommer, strawwe, trapper, koppel, Willem,
dowwe, kennis, middel, sitting, kaggel.

29. Die seun en die hond.



Wie se huis is dit?

Wat is die naam van so'n huis?

Waarvan is die hok gemaak?

Wat maak die hond in die hok?

Kan die hond wegloup?
 Waarom nie?
 Is die hond vrindelik of kwaai?
 Waarom is hy so kwaai?
 Waarmee slaan die seuntjie hom?
 Is dit 'n soet of 'n stout seun?
 Wat lê daar deuskant die hok?
 Wat groei daar vlak teen die hek?
 En wat is daar anderkant die hek?

30. Sê wat dit is.

'n Prentjieboek is 'n met
 'n Inkpot is 'n vir
 'n Kerkklok is van die
 'n Hondehok is vir 'n
 'n Boekekass is vir
 'n Geldbeurs is vir
 'n Waterketel is vir
 'n Voëlnessie is van 'n
 'n Blomtuin is met
 'n Haarkam is vir die
 'n Leeuvel is van
 'n Hoededoos is vir
 'n Horlosieketting is aan
 'n Vloerkleed is op
 'n Spieëltafel is met

31. Vul in:

<i>Een.</i>	<i>Meer as een.</i>
hond	
.....	riviere
.....	bulte
potlood	
boek	
lei	
.....	meide
muis	
.....	pype
.....	skoene
prent	
.....	bome
spruit	
.....	plante
.....	vrinde
kluit	

32.

Die klein jagter.



Vul in met *is* of *het*:

Ek 'n dapper heertjie,
En ek 'n klein geweertjie,
En my koeëls gemaak van lood.

Ek daarmee 'n eend geskiet.
 Hy gevlug, maar net verniet,
 En nou hy morsdood, dood, dood.

Skrywe nou die antwoorde op die volgende vrae:

Van wie het die seun die geweer gekry?
 Waar gaan hy altyd skiet?
 Wat gebruik hy in die geweer?
 Wat hang daar op sy heup?
 Waarvan is die bladsak gemaak?
 Waaraan hang dit oor sy skouer?
 Watter ander goed skiet hy nog?
 Waarnatoe bring hy die goed wat hy skiet?
 Wat maak sy ma daarmee?
 Wie eet dit dan?

33.

Nee.

Is 'n mier groot?	Nee, 'n mier is nie groot nie.
Is 'n perd swak?	Nee,
Is 'n olifant klein?	Nee,
Is 'n berg laag?	Nee,
Is 'n sieling vierkantig?	Nee,
Is 'n riet sterk?	Nee,
Is 'n esel slim?	Nee,

Is 'n skilpad vlug?	Nee,
Is 'n leeu bang?	Nee,
Is 'n naald dik?	Nee,
Is 'n koning arm?	Nee,
Is 'n vark skoon?	Nee,

34.

ui, eu.

Vul in met *ui* of *eu*.

Die s—n sn—t sy n—s.

Hoe sp—t die water d—r die g—t.

Daardie s—n is baie st—tig.

Ma braai die r—sel van die vark —t.

Hierdie n—t is baie hard.

Ek r—k die g—r van die braaivlees.

Daar kom 'n klomp perder—ters; dit dr—n
somar op die pad.

Die bejaarde moeder l—n op die skouer van haar
s—n.

Ons h—s het twee d—re.

Die kl—r van my baadjie is br—n.

Die arme t—nier kr—n van die pyn.

My br—n tabberd is vol kr—kels.

Pa lees 'n hoofstuk —t die spr—ke van
Salomo.

35. 'n Perd wat wil hand uitruk.



- Wat maak hierdie perd?
 Wat maak sy baas?
 Wat wil die baas met die perd doen?
 Waarop gaan die baas dan sit?
 Hoekom val die saal nie van die perd se rug
 af nie?
 Waarin steek die baas sy voete?
 Waarmee stuur hy die perd?
 Wat het hy agteraan sy stewels?
 Wat maak hy daarmee?

Hoekom is die perd so glad en blink?
 Wie gaan wen, die perd of die baas?
 Waarnatoe ry die baas dan op sy perd?

36. Sê wat dit is.

'n Weegskaal is 'n skaal om dinge mee te
 'n Skopgraaf is
 'n Kookpot is
 'n Leesbril is
 'n Spitgraaf is
 'n Dorsmasien is
 'n Ryperd is
 'n Vliegmasien is
 'n Snoeimes is
 'n Rusbank is
 'n Speckkamer is
 'n Skaafbank is
 'n Strykyster is

37. Verdeel in lettergrepe:

hake, hakke; mate, matte; bale, balle; some, somme; bome, bomme; kole, kolle; sake, sakke; rame, ramme; rate, ratte; roke, rokke; tale, talle; krame, kramme; slote, slotte; lawe, lawwe; stele, stelle; tone, tonne; water, watter; lote, lotte; pote, potte.


38. Een en algar.

'n Voël het vere. Al die voëls het vere.
 'n Haas het lang ore. Al die.....

'n Hond sterk tande. Al die
 'n Vis vinne. Al die
 'n Vlieg vlerke. Al die
 'n Skaap sagte wol. Al die
 'n Vark harde borsels. Al die
 'n Haan skerp spore. Al die
 'n Spinnekop ag pote. Al die
 'n Kat skerp kloue. Al die
 'n Muis blink ogies. Al die
 'n Perd maanhare. Al die
 'n Os twee horings. Al die
 'n By 'n skerp angel. Al die
 'n Olifant 'n lang slurp. Al die

39.

Die Huis.



Bekyk mooi hierdie prentjie, en skrywe dan antwoorde op die volgende vrae:

Hoeveel skoorstene het hierdie huis? Hierdie

Wat kom daar uit die voorste skoorstene? Uit die

Hoeveel vensters is daar in die voormuur? In

Hoeveel vensters is daar in die symuur? In

Waarmee word die vensters toegemaak? Die

Waarvan is die mure gemaak? Die

Waarvan is die deur gemaak? Die

Waarvan is die vensters gemaak? Die

Wat is daar vlak voor die deur? Vlak

Waarmee kom 'n mens na die deur toe? 'n Mens kom

Wat is daar deuskant die huis? Deuskant

Waar moet 'n mens deurgaen? 'n Mens moet

Wat staan daar in die tuintjie? In

Wat is daar op die ander end van die huis? Op die

Wat staan daar agter die huis? Agter die

40. Verdeel in lettergrepe:

luiaard, voël, kraaie, knoeier, kloue, spieël, koeël, skreeuer, mooier, reier, tuie, maaier, kuier, knieë, ouers, viool, plooië, suier, fraaie, poeier, waaier, krioel, brouer, leër, sluier, vyand, sproeier, skouer, ploee, saaier, spioen, draaier, houer, ryer, vlooië.

41. Enkeld of dubbel.

Let op of jy 'n enkelde of 'n dubbele letter moet skrywe.

Waarom sit jy die letter **k** dubbel in **hokke**?

As jy dit met een **k** skrywe, hoe verdeel jy dan die woord in lettergrepe? Dan word dit *ho-ke*. Hoe lees dit dan?

Maar as jy die letter **k** dubbel skrywe, hoe verdeel jy dan die woord in lettergrepe? En hoe moet ons dit dan lees?

Kyk nou ook na die woord **hoeke**. Is dit nodig om die letter **k** in daardie woord dubbel te skrywe? Waarom nie?

Skrywe nou die volgende woorde reg.

een pan,	twee	een tak,	sewe
een pyp,	twee	een ruit,	twaaalf
een hek,	drie	een pen,	tien
een voet,	vier	een boek,	twaaalf
een vel,	vyf	een net,	drie
een kop,	ses	een duim,	twee
een kleur,	sewe	een mes,	agtien
een dam,	drie	een stal,	vier
een stok,	twintig	een riem,	vyf

42.

Geldstukke.



Hier is geld.

Op die boonste ry lê 'n Engelse sieling, 'n Afrikaanse sieling, 'n Engelse sikspens en 'n Afrikaanse sikspens.

Op die onderste ry lê net dieselfde.

Die boonste ry wys hulle voorkante, en die onderste ry wys hulle agterkante.

Wie se kop staan op die geld in die boonste ry?

Wat het hy op sy kop op die Afrikaanse geld?

Wat staan daar op die agterkant van die Engelse sieling?

Wat staan daar op die agterkant van die Afrikaanse sieling?

Wat staan daar op die agterkant van die Engelse sikspens?

Wat staan daar op die agterkant van die Afrikaanse sikspens?

Wat beteken die syfer 6?

Hoeveel pennies kry jy vir een sieling?

Hoeveel sikspense is net soveel as een sieling?

Waarvan is hierdie geldstukke gemaak?

Hoe is hulle vorm?

Wanneer is hierdie geldstukke gemaak?

Skrywe die antwoord op hierdie laaste vraag so:

Die Engelse sieling is in gemaak.

Die Afrikaanse sieling?

Die Engelse sikspens

Die Afrikaanse sikspens

43. Die klein vraer.

Piet vra of Pa tuis is.

Hy sê:?

Piet vra waar Hanna is.

Hy sê:?

Piet vra of Koos skool-toe gaan.

Hy sê:?

Piet vra of Oom vandag kom.

Hy sê:?

Piet vra wat die winkelier verkoop.

Hy sê:?

Piet vra watter dag dit vandag is.

Hy sê:?

Piet vra waar die mense Sondags na toe gaan.

Hy sê:?

Piet vra wat daar in die Bybel staan.

Hy sê:?

Piet vra waarmee Ma die brood sny.

Hy sê:?

Piet vra wanneer Oom Hans kom kuier.

Hy sê:?

Piet vra wie die huis gebou het.

Hy sê:?

Piet vra hoe laat die son opkom.

Hy sê:?

44. Sê wat dit is:

'n Trekos is

'n Werksman is

'n Speelman is

'n Springbok is

'n Swemvoël is

'n Roofdier is

'n Hangplant is

'n Rolstoel is

'n Vliegmasien is

'n Springhaas is

'n Stuurman is

'n Koopman is

45. Twee meisjes wat blomme pluk.



Wat maak hierdie dogtertjies?
Wat gaan hulle met die blomme doen?
Waar groei die blomme?

Waarvoor moet die kinders oppas?
 Wat staan daar net verby die boom?
 Waarom staan dit daar?
 Waar woon die twee dogtertjies?
 Hoeveel vensters van die huis kan jy sien?
 Hoeveel pilare het die stoep?
 Wat groei daar langs die stoep?
 Waarvan is die paadjie na die huis toe gemaak?
 Wat is daar anderkant die huis?

46. Vul die regte woorde in.

Een enkele.

Meer as een.

man	
.....	velle
.....	stene
boor	
.....	torre
stem	
blom	
.....	wette
.....	pere
kar	
.....	hare
.....	skure
tak	
skool	
.....	drome

.....	pale
muur	
kom	
.....	ore
roos	

47. maak — mak.

Die **aa** van **maak** is lank.

Die **a** van **mak** is kort.

poot — pot.

Die **oo** van **poot** is lank.

Die **o** van **pot** is kort.

aa en **oo** is lank; **a** en **o** is kort.

ee en **uu** is ook lank; **e** en **u** is weer kort.

Hier staan die langes bymekaar:

aa, ee, oo, uu.

En hier die kortes:

a, e, o, u.

Die langes word dubbel geskrywe, en die kortes enkeld.

Maar let nou mooi op. Lees hierdie woordjies:

ja, pa, ma.

Hoe sê jy hierdie **a**, kort of lank?

Onthou:

As 'n lang **aa**-klank op die end van 'n lettergreep kom, skrywe ons nie **aa** nie, maar **a**.


Vul die volgende in:

Die a van man is kort; die a van ma is lank.	
... a ... jas	.. a ... ja
... .. pak	 pa
... .. draf	 dra
... .. plat	 pla
... .. nat	 na
... .. hap	 ha
... .. vrag	 vra
... .. wat	 wa
... o ... hok	.. o ... ho
... .. bos	 bo
... .. son	 so
... u ... ruk	.. u ... ru

48. Hoe is hulle?

'n Berg is nie laag nie, maar
'n Veer is nie swaar nie, maar
'n Klip is nie sag nie, maar
Vuur is nie koud nie, maar
Suiker is nie bitter nie, maar
Meel is nie swart nie, maar
'n Blad papier is nie dik nie, maar
'n Bedelaar is nie ryk nie, maar
Oupa is nie jonk nie, maar
'n Vlieg is nie groot nie, maar
'n Jakkals is nie dom nie, maar
Die nag is nie lig nie, maar

49. 'n Seun met 'n rekker:



Wat het Koos in sy hand?
Wat maak hy daarmee?
Waar hou die voëls?

Wat het hulle in die boom gemaak?
 Hoeveel bome staan hier naby?
 Waar staan nog meer bome?
 Watter soort huise staan daar?
 Waarvan is hulle dakke gemaak?
 Wie woon in daardie rondawels?
 Wie kom daar aan op die pad?
 Wat het sy op haar kop?
 Wat gaan sy daarmee doen?

50. Waarom skrywe ons **aa in **naam**, en **a** in **name**?**

As ons die woord **name** in lettergrepe verdeel, dan lyk dit so: **na-me**.

Waarom is dit nou nie nodig om die **a** dubbel te skrywe nie?

Omdat die **a** op die end van die lettergreep staan.

Skrywe nou die volgende reg:

een haan,	twee	een paal,	tien
een boom,	drie	een skool,	drie
een draad,	vier	een plaas,	ag
een been,	twee	een boon,	twintig . . .
een muur,	vier	een week,	vyf
een poot,	ag	een vuur,	twee

een peer,	twalf	een jaar,	ses
een haak,	ses	een toom,	vier
een boor,	drie	een raam,	sewe
een streep,	vyf	een skaal,	drie

Verdeel nou die woorde wat jy ingevul het in lettergrepe:

ha—ne, ens.

51. Verdeel in lettergrepe:

vaderland, horlosie, mielikop, watertenk, skildery, rekenbock, hoenderhok, belofte, fondament, gebreklik, gelowig, hinderlik, kindertjies, kleinbasie, miskruier, natuurlik, Nuwejaar, ordelik, pruttelrig, rooibostee, sewentig, wonderlik, sterretjie, vermaning, verwaarloos, gelukkig, begrafnis, ondersoek, behoorlik, wonderboom.

52. **k of kk.**

Vul in met *k* of *kk*:

Die ba—er bak brood vir die mense.

Die boekdru—er druk die boe—e.

Ons sit die mielies in sa—e.

Op ons bed lê 'n wit la—en.

Ek su—el maar aan met my stu—ende skoën.

Op die lokomotief is 'n sto—er en 'n drywer.

Die klo—e roep ons na die kerk.

My klein bo—ie is nou twalf weke oud.

Pa het 'n we—er om hom smôrens wa—er te maak.

Die melkbe—er het gebreek; dit lê in stu—ies en
bro—ies op die grond.


Aan ons voete dra ons so—ies.

Piet sit met 'n mooi boe—ie in 'n hoe—ie en lees.

Die klerema—er maak haadjies en broe—e.

53.

Touspring.



Kyk mooi na hierdie prentjie. Die grootste seuntjie is Hans; die ander een is Wimpie. Die een meisie wat draai, is Lenie; die ander, met die hoed op, is Kristien. Die meisie met die swart rokkie is Hannie, die een agter haar is Sarie; en die een wat spring, is Koba.

Hoeveel meisies is daar, en hoeveel seuns?

Noem hulle.

Waar speel hulle?

Wat doen die seuntjies?

Watter tabberdjie het Lenie aan? En Koba?
 Watter figuurtjies is daar op Sarie se tabberdjie?
 Wie van die meisies het donker hare?
 Wie van hulle het ligte hare?
 Waarom lag Koba?
 Hoeveel het sy al gespring?
 Hoeveel kan jyself spring?
 Wat sien jy anderkant die hek?

54. Sê wat dit is.

Kliphard is so hard soos 'n
 Toringhoog is so
 Vuurwarm is
 Yskoud is
 Goudgeel is
 Bolrond is
 Suikersoet is
 Waternat is
 Pikswart is
 Papsag is
 Papnat is
 Sneeuwit is
 Ystersterk is
 Grasgroen is
 Bloedrooi is

55. plaas, heelparty
 skaal, heelparty

Gaan so verder ook met die volgende woorde:

taal, haan, haak, naam, skaap, paal; kool, boot,
 droom, spook, boom, boor, brood; been, keel, streep,
 beer, sweep, steen, peer, steek.

56. Die tweede wen dit elke slag.

My broer is sterk, maar my pa is sterker.

Die sop is warm, maar die vuur is

'n Tor is klein, maar 'n mier is

'n Draad is dun, maar 'n haar is nog

'n Perd is groot, maar 'n olifant is nog

'n Spruit is diep, maar 'n put is nog

'n Vlieg is vinnig, maar 'n swaweltjie is nog

'n Neut is hard, maar 'n klip is nog

'n Muis is rats, maar 'n kat is nog

'n Mes is skerp, maar 'n skeermes is nog

'n Been is dik, maar 'n boom is nog

Sand is fyn, maar meel is nog


'n Riem is lank, maar die pad is nog

Hierdie papier is wit, maar sneeu is nog

'n Minuut is kort, maar 'n sekonde is nog

57.

'n Kombuis.



Watter kamer is dit?

Watter vloer het die kombuis?

Wat hang daar voor die venster?

Wat doen 'n mens in die kombuis?

Wat staan daar op die stoof?

Wat hang daar aan die rakkie?

Hoeveel deure van die kas is oop, en hoeveel is toe?

Wat sien jy in die boonste kas?

Wat is binne in die onderste kas?

Wat staan daar op die onderste kas?

Wat is daar op die tafel?

Wat sien jy nog in die hoek?

Wie is in die kombuis?

Wat maak sy?

58.

p of pp.

Vul in met *p* of *pp*.

Daar gunter in die ko—ies loop groot tro—e
ska—e.

Ons maak po—e van la—e.

Die soldaat is goed gewa—end.

Ons huis het twee stoe—e.

Pa gee lang treë oor die kli—e.

Piet kry van skrik die stui—e op die lyf.

Op die see vaar groot en klein ske—e.

My oom het da—er geveg in die oorlog.

Die meester het vertel van Johannes die Do—er.

Die osse se stro—e sit goed vas.

Die babetjie het van die tra—e afgerol.

Hierdie le—el is van ko—er gemaak.

59.

Enkeld of dubbel.**a of aa.**

Vul in met *a* of *aa*.

Die k—t v—ng gr—g voëltjies.

My m— b—k elke d—g brood.

Die str—te is n—t v—n die w—ter.

Die str—t lê vol droë bl—re.

Die k—mer is nou kl—r gevef en gepl—k.

D—r st—n 'n w— in die middel v—n die p—d.

K—rel se p— het twee pl—se.

Boet Kl—s g—n M—nd—g n— sy pl—s toe.
 S—rie br—nd die koffie, en d—n m—l sy dit.
 W—r g—n —l d—rdie skepe n— toe?
 J—kob w—s sy h—nde in br—k w—ter.
 Die m—gistr—t s—l die slegte k—ffer str—f.

60.

Is en was.

Vul in:

Vandag is dit
 Gister was dit
 Eergister was dit

Vandag is nou, en ons sê **is**.Gister is al verby, en ons sê **was**.

Lees:

*Marie is in die skool.**Gister was sy tuis.**Die lug is vandag helder.**Verlede week was die lug donker.*

Vul in:

My boek is by die huis. Gisteraand
 Gert is nie hier nie. Gister
 My lei is in die kassie. 'n Halfuur gelede
 Piet is nou in Standaard I. Verlede jaar
 Vandag is Lenie uit. Verlede Vrydag
 Ouma is teenswoordig siek. Vroeër

61.

Ontevrede.



Kyk bietjie hoe suur kyk hierdie dogterljie. Sy is ontevrede; en tog het sy baie speelgoedjies. Vertel wat sy alles het en wat sy alles daarmee kan doen.

Vertel ook wat haar ma sê.

Hoe vind jy dit dat die dogtertjie so ontevrede is?

62. saak, heelparty
 raap, heelparty

Gaan so verder ook met die volgende woorde:
 skool, skuur, week, deel, paar, skoot, sweer, raam,
 strook, vuur, staal, steel, loon, reep, spoor, maal,
 voor, straal, streek, muur, veer, toon.

63. Enkeld of dubbel.

o of oo.

Vul in met *o* of *oo*.

Een van die seepp—t se p—te is af.

Daar is twee gr—t sk—le in ons dorp.

Die r—k van die —nd gaan na b—.

Ons moet die waterv—re —pmaak.

Die kl—kke in die t—ring kan 'n mens —ral
 h—r.

My —m K—s is d—f, en hy het —k 'n d—we
 seun.

Hoe helder klink die st—mfluit van die l—k—
 m—tief.

Ek h—r die gr—wwe t—ne van die h—ring.

Dwars —r die pad l—p die sp—re van 'n paar
 m—ters.

Daar is baie t—rre by die k—ringmied.

Die boere het gr—t kl—mpe gr—ndb—ntjies
 geoes.

Die water l—p deur die sl—te.

Die b—mme van die vyand het die b—me by ons huis verniel.


Die r—kke hang aan 'n lyn —m dr—g te w—rd.

Ons st—k die vuur met dr—ë wingerdstompies.

64. Verdeel in lettergrepe:

piano, bedrieër, geleë, beleër, bioskoop, buierig, vermoë, geëerde, genoeë, Indiër, kiaathout, Kanaän, viooltjies, reëlreg, motreën, nooientjie, geploeë, reëling, opgeëet, spieëltjie, spioene, teësin, uielof, oorloë, weekdae, verseël, waenhuis, stofreën, ontslae.

65. Hannie se verjaarsdag.



Dis Hannie se verjaarsdag. Alles wat op die prentjie staan, het sy present gekry. Nou speel sy met haar boetie Jan.

Vertel nou alles wat op die prentjie te sien is. Vertel ook van wie algar sy die verskillende dinge gekry het. Vertel ook hoe oud sy vandag is, en hoe oud Jan is. En vertel wat elkeen van hulle op die oomblik besig is om te doen.

66. Lees die volgende:

Vir onself sê ons *ek* — *ek is*. Maar as ons meer as een is, sê ons *ons* — *ons is*.

Vir die een waar ons mee praat, sê ons *jy* — *jy is*. Maar as daar meer as een is, sê ons *julle* — *julle is*.

Vir 'n jongetjie of 'n man sê ons *hy* — *hy is*. Maar as daar meer as een is, sê ons *hulle* — *hulle is*.

Vir 'n meisie of 'n vrou sê ons *sy* — *sy is*. Maar as daar meer as een is, sê ons *hulle* — *hulle is*.

Vir 'n ding sê ons *dit* — *dit is*. Maar as daar meer as een is, sê ons gewoonlik *hulle* — *hulle is*.

Leer van buite:

<i>ek</i> is een;	<i>ons</i> is meer as een.
<i>jy</i> is een;	<i>julle</i> is meer as een.
<i>hy, sy, dit</i> is een;	<i>hulle</i> is meer as een.

Skrywe nou die volgende mooi oor en vul die oop plekke in.

Algar gesond en bly.

Ek is bly, dat ek gesond is. Gert sê ook so.

Gert en ek is altwee bly, dat

Jy is bly, dat jy Koos sê ook so.

Jy en Koos is altwee bly, dat

Hans is bly, dat Freek sê ook so.

Hans en Freek is altwee bly, dat

Minnie is bly, dat Hannie sê ook so.

Minnie en Hannie is altwee bly, dat

67. Enkeld of dubbel.

e of ee.

Vul in met *e* of *ee*.

Die p—rd se b—k is s—r.

Ons —t gebraaide varkl—wer.

Die st—rre blink aan die h—mel.

My n—f het albei sy b—ne gebr—k.

Moenie jou kl—re w—r vuil sm—r nie.

Ons l—r al w—ke 'n gesangv—rsie.

Die pr—dikant staan op die pr—kstoel en pr—k.

Die meisie laat baie st—ke in haar breiw—rk val.

Ek het hierdie storie al s—we k—r gel—s.

Ek w—t maar min van al die w—tte.

L—n my 'n paar b—kers m—lk.

Die dames en h—re is fraai gekl—d.

68. Die een is meer as die ander.

Groot. 'n Os is as 'n hond.

Hard. 'n Klip is as 'n stuk hout.

Klein. 'n Muis is as 'n rot.

Dik. 'n Tou is as 'n draad.

Sterk. 'n Leeu is as 'n perd.

Lang. 'n Jaar is as 'n maand.


Diep. 'n Put is as 'n kuil.

Fyn. Wol is as hooi.

Dun.	My pinkie is	as my duim.
Slim.	'n Hond is	as 'n vark.
Rond.	'n Tennisbal is	as 'n eier.
Kort.	'n Minuut is	as 'n uur.
Arm.	'n Bedelaar is	as 'n boer.
Dom.	'n Vark is	as 'n esel.
Glad.	Seep is	as modder.

69.

Rusie.



Die dogtertjie op die stoel is Sannie, en die ander se naam is Annie. Hulle het gespeel, maar toe het hulle rusie gekry. Vertel hoe dit gekom het. Vertel ook wat hulle ma sê.

70.

Enkeld of dubbel.

u of uu.

Vul in met *u* of *uu*.

Moenie so r— met die koppies en pierings werk nie.

Ons n—we b—rman se naam is Versk—r.

Hierdie baadjie is nog n—t.

Dis slegte grond hierdie; dis p—re sand.

As die perd ter—g moet staan, sê ons: Tr—!

Die br—g oor die spruit is st—kkend; h—lle. sal dit moet vern—we.

My perd is kopsk—; as jy naby kom, r—k hy sy kop weg.

Ons het 'n sp—gbakkie op ons vloer; maar Oom Karel noem dit 'n sp—bakkie.

Getroude mense word ook geh—de mense genoem.

My neef Krisjan is al geh—d.

71. Skrywe drie sinne oor die blomme.

Skrywe drie sinne oor die lammetjies.

Skrywe drie sinne oor die kuikens.

Skrywe drie sinne oor die bye.

72.

t of tt.

Vul in met *t* of *tt*.

Wat is soe—er as heuning?

Roet het 'n bi—er smaak.

Die eg maak die klui—e fyn.

Daar is niks wi—er as sneeu nie.
 Wa—er dier is ve—er, 'n skaap of 'n vark?
 Party ka—e is bang vir ro—e.
 Daar is by ons huis twee wa—erpu—e.
 Al ons po—e en sko—els is gebars.
 In ons tuin staan 'n groot bos rie—e.
 Ek het nat voe—e van die wa—er.
 Na skooltyd speel ek bui—e met my ma—ers.
 Daar hang twee portre—e aan die muur.

73.

Winkeltjie speel.

Die meisie met die hoed op is Bettie; die ander is Keti. Vertel wat hulle doen. Vertel wie die

winkel het en wie iets kom koop. Vertel wat alles in die winkel te koop is, en waar dit gebêre is. Vertel ook waarin Bettie die goed wat sy koop, huis-toe dra.

74.

I of II.

Vul in met *I* of *II*.

In die kamp loop vyf perde en twee vu—etjies.

Ons speel a—erhande spe—etjies.

Van die beesve—e word leer gemaak.

Die stoe—e staan by die tafel.

Die pad oor die berg word al hoe stei—er.

Die wilde Boesmans skiet met giftige py—e.

Daar sit swart ko—e ink op jou voorskoot.

Ons maak wie—etjies van gareto—etjies.

Die sieke kry pi—e van die dokter.

Die wind gaan lê; dit word al hoe sti—er.

Die wie—e van die kar draai vinnig in die rondte.

Ons maak vuur met hout en ko—e.

75. Hier staan allerhande geluide van diere:

fluit, miaau, brul, kekkel, tjilp, koer, gons, blaf, balk, kwaak, kraai, runnik, loei, piep, brom, huil.

Hier staan ook name van diere wat daardie geluide maak:

hond, kat, muis, esel, kanarie, leeu, vark, mossie, vlieg, haan, hen, os, eend, duif, perd, jakkals.

Sê nou watter diere die verskillende geluide maak.

Die hond, die kat, ens.

76.

r of rr.

Vul in met *r* of *rr*.

Daar kom vier ka—e aan op die pad.

As jy skiet, moet jy goed ko—el vat.

Die meisies dra hulle ha—e lank, en die seuntjies kort.

'n Akkerboom het baie bla—e.

Die ko—ing word al ryp.

Ek kyk graag saans na die ste—e.

Mense en die—e vind die somer lekker.

Die sprinkaanvoëls eet ook baie to—e.


By ons kerk is 'n hoë to—ing.

Die boe—e bring hulle ko—ing na die mark.

Ma hou baie van blomme, en veral van va—ings.

In 'n groot droogte lyk die veld maar treu—ig.

77.

Boet is siek.

Die seuntjie is Boet; die vrou is sy ma, en die man is die dokter.

Vertel nou alles wat jy op die prentjie sien.

Vertel ook wat die dokter gaan doen.

En vertel dan ook hoe dit verder met Boet gaan.

78.

n of nn.

Vul in met *n* of *nn*.

Die werksma—e se skoe—e word gou vuil.

Die sandma—etjie kom by Sussie: haar oë word al hoe klei—er.

Die Ko—ing se wo—ing noem ons 'n paleis.

Joha—es het 'n me—igte ko—yntjies.

m of mm.

Vul in met *m* of *mm*.

Die sta—e van hierdie bo—e is baie dik.

Ek hoor vreemde ste—e in die ka—er; wie sou daar wees?

Daar is vanjaar baie prui—e aan ons bo—e.

Die sto—e kaffer het altwee sy dui—e seerge-
maak met die ha—er.

w of ww.

Vul in met *w* of *ww*.

Die do—e kind kan so 'n do—e klank nie hoor nie.

Hou op met jou la —e praatjies.

Bloubok is 'n ga—e perd.

Die lie—e lammetjies ja mekaar dat die sto—e so staan.

79.**Die reën.**

Wat gebeur daar as dit reën? Skrywe iets oor die rivier, die gras, die hoenders, die kinders, die groot mense, die dam, die pad, die tuin, die voor, ons skoene.

80.**Laaste lessie.**

Kyk weer na die allereerste prentjie in die boekie.

Gee aan al die kinders name.

Vertel wat elkeen van hulle doen.

Wie van hulle is kaalvoet? Waarom?
Watter meisietjie het lang hare?
Hoe dra sy daardie lang hare?
Wat is daar fout aan die waterkraan?
Wat is daar fout aan die muur?
Wat is daar om die speelgrond heen?
Wat is daar nog buitekant die speelgrond?

MY AFRIKAANSE TAALBOEKIE

'N REEKS TAALBOEKIES
VIR DIE LAER SKOOL,

INGERIG VOLGENS
DIE VOORGESKREWE STANDAARDS.

DEUR

O. VAN OOSTRUM, O.1,
DOSENT, NORMAALSKOOL, PRETORIA

MET DIE MEDEWERKING VAN

D. J. ACKERMANN, B. A.
HOOF, HOËR SKOOL, SOMERSET WES

STANDAARD II.

Drukkerij en Uitgeverij J. H. de BUSSY, Pretoria
Holl.-Afrik. Uitgevers Mij. v/h J. DUSSEAU & Co., Kaapstad
1926

SKb
372.6
VAN

MI RIIKAANSE TAALBOEKIE

'N REEKS TAALBOEKIES VIR DIE LAER SKOOL

**INGERIG VOLGENS
DIE VOORGESKREWE STANDAARDS**

DEUR

O. VAN OOSTRUM o. 1^e kl.

Dosent, Normaalskool, Pretoria

MET DIE MEDEWERKING VAN

D. J. ACKERMANN B. A.

Hoof, Hoër Skool, Somerset Wes

STANDAARD II



**DRUKKERIJ EN UITGEVERIJ J. H. DE BUSSY, PRETORIA
HOLL.-AFRIK. UITG.-MIJ. V/H. JACQS. DUSSEAU & Co., KAAPSTAD
1926**

VOORBERIG.

Die taalonderwys in die laer skool het drieërlei doel:

1. Dit moet die taal vir die leerling duideliker en verstaanbaarder maak.
2. Dit moet hom leiding gee om die taal korrek te leer gebruik.
3. Dit moet hom leer om sonder foute te skrywe.

Met die oog op die eerste doel maak ons, veral in die eerste paar Standaards, maar ook later nog, baie werk van die betekenis van woorde, en in die hoër Standaards van die sin, die sinsontleding en die onderlinge verband van die sinne in 'n samehangende stuk.

Om die tweede doel te bereik gee ons opklimmende oefeninge in korrekte uitdrukking van gedagtes, eers na aanleiding van prentjies en as antwoorde op vrae; later, in St. IV en V, gee ons stories sonder woorde, voorgestel in 'n reeks van prentjies, wat die leerlinge volgens hulle eie opvatting in woorde moet weergee; en uiteindelik, in St. V en VI, word onderwerpe vir opstelle opgegee, wat die leerlinge elkeen op sy eie manier en na sy eie geaardheid moet uitwerk.

Vir die skrywe van die taal is kennis van spelling nodig. Dit word egter te min gerealiseer dat die spelling van Afrikaans heeltemal op 'n ander manier aangeleer moet word as die spelling van Engels. Die grote gros van Afrikaanse woorde word foneties gespel, en die origes volgens 'n paar eenvoudige reëls. Die spelling met enkelde of dubbele *a*, *e*, ens., of met enkelde of dubbele medeklinker is nie 'n kwessie van onthou nie, maar van die toepassing van reëls. Vir hierdie doel is dit volstrekt noodsaaklik dat die leerlinge die woorde moet leer verdeel in

lettergrepe. Daarom gee ons in die eerste paar Standaards baie oefeninge op daardie punt.

Verder gee ons oefeninge met betrekking tot klinkletters wat dikwels slordig uitgespreek word, soos in woorde met *ui* of *ei*, *eu* of *ee*, *uu* of *ie*. Hoofsaak is hierby dat sulke woorde deur die onderwyser goed voorgesê word.

Die gebruiker van die boekies sal opmerk dat ons vir behoorlike afwisseling gesorg het; hierdeur word verveligheid vermy.

Elke nommertjie is bedoel vir één lesperiode. Gereken teen twee lesse per week, maak die boekies dus voorsiening vir veertig weke. As daar soms onder die oefeninge wat uit 'n reeks aparte woorde of sinne bestaan, hier of daar een is wat te veel werk vir die bestemde tyd gee, kan die onderwyser dit gemaklik verkort.

Die skrywer is opreg van mening dat hy deur die uitgawe van hierdie boekies ook iets doen om die Afrikaanse onderwys vorentoe te help.

Mag die uitkoms dit bevestig.

DIE SKRYWER.

VERVOLG VAN VOORBERIG.

Die Medewerker het met genoë 'n handjie bygesit met die samestel van hierdie boekies, omdat hy meen dat onderwysers so 'n handleiding gretig sal ontvang. Nie omdat hulle self sulke oefeninge nie *kan* of *wil* opstel nie, maar omdat in die plaasskool die onderwyser soveel klasse tegelyk moet behartig dat gedrukte oefeninge onontbeerlik is; terwyl in die dorpskool daar alle moontlikheid bestaan dat, waar verskeie onderwysers een na die ander die leerling vir 'n jaar het, die taalmoeilikhede nie sistematies genoeg van jaar tot jaar aangepak en opgelos word nie.

Natuurlik dien die boekies maar net as handleiding en kan die onderwyser aanvul, wysig of weglaat na verkiesing.

Hulle is opgestel meer bepaald ooreenkomstig die leerplan van die Kaapprovinsie.

Dat die boekies menig oorlaaide kollega meer as een uur mag bespaar sonder om hom enigsins in versoeking te bring is die wens — dat van sy soort hierdie reeks goed is is die oortuiging van

DIE MEDEWERKER.

OPSOMMING VAN DIE INHOUD.

(Die nommers verwys na die lessies).

I. Uitdrukking van gedagtes:

- a. Na aanleiding van prentjies 1, 5, 10, 16, 25, 30, 35,
41, 46, 51, 56, 62, 66, 72, 77
- b. Sonder prentjies 14, 18, 40, 69

II. Spelling:

- a. Lettergrepe 9, 45
- b. Klinkers en medeklinkers . . . 3, 7, 11, 20, 24, 33,
38, 49, 73
- c. Enkel- en meervoud . 2, 12, 19, 29, 37, 48, 60, 71
- d. Verkleinwoorde 4, 8, 13, 21, 28, 32, 36, 42, 52, 58,
61, 67, 75, 78
- e. Trappe van vergelyking . . 23, 31, 39, 50, 65, 74

III. Onderwerp en Gesegde 22, 44, 54, 68, 80

IV. Getalle, Maande en Datums . . 15, 34, 43, 53, 76, 79


V. Woordverklaring 6, 26, 47, 55, 63

VI. „Het”, „het gehad”, „is”, „was” . . . 17, 27, 57, 64


VII. Teenstellinge 59, 70

1.

Wat doen hulle?




Wat doen hierdie seuntjies?



Wat doen hierdie dogtertjies?



Wat doen hierdie babetjie?



Wat doen hierdie os?

Vertel nou ook nog vier ander dinge wat die seuntjies partykeer doen.

Skrywe dit op hierdie manier:

Die seuntjies partykeer.

Die seuntjies partykeer.

En so verder.

Vertel ook vier dinge wat die dogtertjies, die babetjie en die os partykeer doen.

2. Een en nog meer.

Een kamer en nog meer kamers.

Watter letter sê ons agteraan?

Vul nou in:

Een spyker,	en nog meer
Een,	en nog meer hamers.
Een hamel,	en nog meer
Een stokkie,	en nog meer
Een,	en nog meer besems.
Een voël,	en nog meer
Een,	en nog meer esels.
Een,	en nog meer skottels.
Een beker,	en nog meer
Een lepel,	en nog meer
Een,	en nog meer winkels.
Een,	en nog meer meisies.
Een skoentjie,	en nog meer
Een ketel,	en nog meer
Een,	en nog meer koeëls.
Een,	en nog meer boekies.
Een hoender,	en nog meer
Een,	en nog meer kaggels.
Een letter,	en nog meer
Een,	en nog meer stoeltjies.

3. **Klanke.**

Sê die woord *mier*.

Hoeveel klanke sê jy dan?

In die woord *mier* is daar drie klanke: **m—ie—r**.

Hoeveel klanke is daar in die woord *stoel*?

Vier klanke: **s—t—oe—l**.

Hier is nog 'n paar woorde:

uil, twee klanke: **ui—l**.

prent, vyf klanke: **p—r—e—n—t**.

Skrywe nou die klanke op van die volgende woorde:

slaap, boek, broek, kant, plant, oom, vuur, dier, byl, streep, tang, ¹⁾ jaar, kneg, stroom, storm, vrug, stroef, skerp, streng, brand, brood, skrik, strook, drie, vroeg.

Doen dit so:

slaap, vier klanke: **s—l—aa—p**.

4. **Klein dinge.**

'n Boek wat klein is, noem ons 'n *boekie*.

'n Plank wat klein is, noem ons 'n *plankie*.


Watter letters kom elke slag agteraan?

Skrywe nou ook so van die volgende dinge:

stoep, kalf, vers, stoof, spons, kraag, stomp, boog, lamp, kers, bank, dorp, vaas, werk, koek, volk, skaap, vark.

¹⁾ Die onderwyser geliewe daarop te let, dat die verbinding van lettertekens **ng** slegs een klank verteenwoordig.

5.

Die stout seun.

Hierdie seun was baie stout gewees, en toe het sy ma hom bed-toe gestuur. Nou mag hy nie meer speel nie.

Skrywe mooi op wat jy dink dat hy gedoen het.

Skrywe ook wat sy ma gesê het.

Skrywe ook hoe hy daar lê en hoe die bed lyk.

Wat doen sy maters daarbuite?

Wat dink hy?

Wanneer mag hy weer speel?

6. 'n Perdekop is die kop van 'n perd.
 'n Koeistert is
 'n Ploegskaar is
 'n Wawiel is
 'n Wielband is
 'n Boomstam is

'n Damwal is	
'n Blomknop is	
'n Boomvrug is	
'n Hondespoor is	
'n Voëlnessie is	
'n Slangvel is	
'n Kalkoeneier is	
'n Vingernael is	
'n Hondepoot is	
'n Katvel is	
'n Koolblad is	
'n Neutdop is	

7.

Klinkers.

Watter klanke is daar in die woord *tuin*?

Drie klanke: **t—ui—n**.

Watter een van die drie kan ons die beste hoor?

Die middelste een: **ui**.

Watter klank kan ons die beste hoor in die woord *loop*?

Die klank **oo**.

Sulke klanke noem ons *klinkers*, omdat hulle so duidelik klink.

Skrywe nou op en vul in:

rook: klinker <i>oo</i>	stoel: klinker ..
maat: klinker ..	kruis: klinker ..
mes:	neus:
som:	koud:

blom: klinker ..	broek: klinker ..
spruit:	slaap:
trop:	fluit:
ploeg:	spring:
drie:	druk:
vlag:	kry:
bees:	stroom:
brief:	knap:
oog:	vrug:
steen:	draai:
pit:	vlieg:

8. *Boekie en plankie is verkleinwoorde.*


Maak verkleinwoorde van die volgende name:

streep, huis, kors, pink, kruis, klomp, dorp, graaf, kriek, vink, broek, plank, gans, hals, pols, gerf, vark, hark, roos, kerk.

9. Verdeel die volgende woorde in lettergrepe:

winter, speelgoed, wortel, driehoek, vierkant, geweer, slagskaap, ruiter, volstruis, hoender, kinders, wawiel, blomkool, soldaat, spaander, stiegriem, stempel, klompie, baksel, dosyn, wonderlik, vaderland, beginsel, aangenaam, vernietig, yerdraagsaam, ondersoek, rooibostee, runderpes, onbeleef, kanarie, magteloos, hospitaal, gedagte, diamant.

10. Die kamer.



Watter kamer is dit: 'n slaapkamer, sitkamer of eetkamer?

Watter meubels staan daarin?

Wat hang aan die mure?

Hoeveel planke is daar in die boekkas?

Hoeveel boeke staan daar op die onderste plank?

Hoeveel staan op die tweede, derde en vierde plank?

Wat staan op die boonste plank?

Wat staan op die kaggel?

Wanneer word daar vuur gemaak in die kaggel?

Wat lê op die vloer voor die kaggel?

Waar gaan die mense sit?

Watter instrument staan naby die deur?

Wat doen die vrou van die huis daarmee?

Waarop sit sy as sy speel?

Wat staan daar bo-op die piano?

Waarom staan dit daar?

Wat sien jy buitekant die huis?

11. Medeklinkers.

Noem die klinker van die woord *loop*: **oo**.

Wat is die ander klanke van die woord *loop*?

Dit is **l** en **p**.

Kan ons daardie klanke net so goed hoor soos **oo**?

Nee, nie waar nie?

Hierdie klanke noem ons *medeklinkers*; dit beteken saamklinkers, want hulle klink saam met die klinker **oo**.

Skrywe op en vul in:

voet: klinker *oe*, medeklinkers *v...t*

stap: klinker *..*, medeklinkers *....*

rook:

bees:

riem:

kort:

straat:

ploeg:

lang:

tong:

sleep:

klap:

slag:

stamp:

blink:

swart: klinker .., medeklinkers
 grond:
 strand:
 skraap:
 bloed:
 vrind:

12. Enkelvoud en meervoud.

Een ding noem ons *enkelvoud*; meer as een noem ons *meervoud*.

Skrywe die volgende name in die meervoud:

sleutel, wortel, klapper, stewel, stamper, beitel,
 ruiker, spieël, strykyster, tafel, sekel, bottel, veter,
 skoffel, teuel, klopper, knewel, winter, wagter, katel.

Doen dit op hierdie manier:

Enkelvoud sleutel, — *Meervoud* sleutels.

13. Kleintjies.

Verander hierdie name in name van klein dinge-
 tjies; maar let goed op hoe jy die woorde moet spel.

'n Tak wat klein is, is 'n ...	'n Pak wat
'n Kop wat	'n Steg wat
'n Hok wat	'n Klip wat
'n Stap wat	'n Plek wat
'n Kas wat	'n Sok wat
'n Fles wat	'n Kis wat
'n Stok wat	'n Lag wat
'n Sug wat	'n Bos wat
'n Stof wat	'n Stuk wat
'n Das wat	'n Lap wat

14. Skrywe drie sinne oor die kat.
 Ook drie sinne oor die vulletjie.
 Ook drie oor die koei.
 Ook drie oor die eende.


15. 23 is drie-en-twintig.

Skrywe so die volgende getalle. Let op die strepies waarmee die woorde aanmekaar gebind word.

34, 45, 56, 67, 78, 89, 91, 25, 36, 47, 58, 69, 71,
 28, 39, 41, 52, 63, 74, 85, 96.

16.

Die kraal.



Hoeveel koeie staan hier?
 Waarin staan hulle?
 Waarvan is die kraal gemaak?
 Waarvan is die kraalhek gemaak?
 Wat staan daar nog by die voorste koei?
 Wat wil die kalfie gaan doen?
 Het die kalfie al horings?

Wanneer kry hy dit?
 Wie kom ook in die kraal?
 Wat het hy by hom?
 Wat wil hy gaan doen?
 Wat doen hy eers met die agterbene van die koei?
 Waarom doen hy dit?
 Waarheen bring hy die melk as hy klaar is?
 Wat doen die boervrou dan daarmee?
 Waar woon die boer?
 Is dit 'n groot of 'n klein huis?
 Waaraan kan jy dit sien?

17. **Nou en Gister.**

Ek het 'n appel; Piet het gister ook 'n appel gehad.

Ons sê: ek *het*; — dit is *nou*.

En: Piet *het gehad*; — dit was gister.

Vul nou die volgende in:

Nou.

Gister.

Ek het 'n boek.	Ek 'n boek
Ek het baie plesier.	Koos .. baie plesier ..
Ek het mooi perskes.	Willem
Jan het 'n peer.	Ek
Boet het drie pennies.	Sussie
Piet het 'n gat in sy skoën.	Neels
Jy het 'n mooi prentjie.	Ons
Ons het skoon hande.	Julle
Oom Gert het baie mielies.	Oom Hans
Julle het nuwe boeke.	Ons
Klaas het baie werk.	Krisjan
Sus het 'n nuwe hoed.	Ma

18. Skrywe vyf sinne oor die haan.
 Ook vyf sinne oor die vinkies.
 Ook vyf sinne oor die vark.

19. **Meervoud met e of met s.**

<i>Een</i>	<i>'n Klomp</i>	<i>Een</i>	<i>'n Klomp</i>
stoel		ketel	
tafel		slang	
hoed		klopper	
mantel		boor	
pot		hamel	
lap		sabel	
klapper		baadjie	
hand		skottel	
vader		draad	
vinger		bank	
kop		skoentjie	
koppie		hond	
vrk		hondjie	
lepel		haan	
skoën		voël	

20. **Kort en lang klinkers.**

Skrywe die volgende woorde op; trek onder die klinker 'n strepie; skrywe daaragter of die klinker kort of lang is; op hierdie manier:

pad: kort klinker.

pad, stem, steen, paal, boot, lot, vier, vis, mes, muur, top, wit, wiel, mug, haas, klomp, vlek, raas, roos, tak, dik, klok, straf, gaaf, loop, klip, stop, swaar, swart, weer.

21. Skrywe die volgende woorde met hulle verkleinwoorde daaragter:

plek, bak, brok, kap, lip, trap, les, vis, dop, kneg, blok, blik, hap, bok, hok, prop, plas, kwas, ongeluk, strop.

Trek onder die letter wat jy verdubbel het, 'n strepie, soos hier staan:

plek, — plekkie.

22. Die onderwerp.

Pa het uit die kerk tuis gekom.

Toe vra Ma: „Waaroor het die predikant gepreek?”

Pa, sê: „Die *onderwerp* van die preek was: Dawid”.

Koos het 'n liedjie gesing.

Toe vra Piet: „Wat is die *onderwerp* van daardie liedjie?”

Koos sê: „Die *onderwerp* van die liedjie is: Die Somer”.

Meester sê eendag in die skool: „Die *onderwerp* van ons rekenles van vandag is: Die deling”.

Wat bedoel die meester?

Wat beteken nou *onderwerp*?

Dit is die persoon of ding waar ons oor praat of lees of dink. 'n Sin het altyd 'n onderwerp. Hier is 'n sin:

My hond hardloop.

Van wie vertel ek nou iets? Van my hond. Daarom is die hond die *onderwerp* van hierdie sin.

Hier staan nog meer sinne. Skrywe onder elke sin wat die *onderwerp* daarvan is.

Ons kool groei goed.

Onderwerp:

Koos kan baie mooi sing.

Onderwerp:

Daardie ou man het 'n wit baard.

Onderwerp:

Ons nuwe huis staan by die dam.

Onderwerp:

My pa het 'n nuwe wa gekoop.

Onderwerp:

Al die eende swem in die water.

Onderwerp:

'n Pond rys kos vier oulap.

Onderwerp:

Ons hele tuin word omgespit.

Onderwerp:

Klein Piet ken nie sy versie nie.

Onderwerp:

Oorlog is 'n vreeslike ding.

Onderwerp:

Die vuur is vir my te warm.

Onderwerp:

Ons ou merrie is siek.

Onderwerp:

My nuwe mes het nou al gebreek.

Onderwerp:

Oom Jan se mielies sit vol ruspes.

Onderwerp:

23.	<i>Die eerste</i>	<i>Die tweede</i>	<i>Die derde</i>
	<i>is</i>	<i>is</i>	<i>is</i>
	lank	langer	die langste
	sterk		
	groot		
	dik		
	soet		
	mooi		
	klein		
	dun		
	plat		
	stomp		
	skerp		
	arm		
	ryk		
	bly		
	rond		
	sout		
	nat		
	flou		
	goed		
	baie		

24. Skrywe die klinkers en die medeklinkers van die volgende woorde apart op:

stroop, draad, vroeg, brand, klomp, sweep, swart, draf, vark, spruit, uit, spreek, wind, droog, snaaks, woord, vrag, streep, spring, kwaai.

stroop: klinker *oo*, medeklinkers *s—t—r—p*.

25.

Op die land.

- Wat gebeur op hierdie prentjie?
 Hoeveel wiele het hierdie ploeg?
 • Hoeveel vore maak hy?
 Waaraan kan jy dit sien?
 Wat moet eers gebeur, voordat die boer kan ploë?
 Waarom moet dit eers gebeur?
 Hoeveel osse het hierdie man voor die ploeg?
 Hoeveel daarvan kan jy duidelik sien?
 Wie loop voor die osse?
 Waarom loop hy daar?
 Wat doen die boer met die lang sweep?
 Waarom doen hy dit?
 Waarom ploë die boer die grond om?
 Wat gaan hy doen as alles omgeploë is?

- 26.** 'n Winterjas is 'n jas vir die winter.
 'n Perdestal is
 'n Waenhuys is
 'n Griffiedoos is
 'n Kolebak is
 'n Skoenriem is
 'n Hoedespeld is
 'n Inkpot is
 'n Boekkas is
 'n Handskoen is
 'n Hoefyster is
 'n Suikersakkie is
 'n Beeskraal is
 'n Reënbaadjie is
 'n Asbak is
 'n Somerhoed is
 'n Aandmantel is
 'n Brildoos is

27. Vul in:

Ek is nou in Standaard II.

Verlede jaar ek in Standaard I. Ek was.

Jy is nou in die skool.

Gisteraand jy tuis.

Jy

Die seuntjie is nou gesond.

Gister hy siek.

Hy

Sussie is nou bly.

'n Rukkie gelede sy bedroef.

Sy

Ons is nou soet.

Gistermiddag ons stout.

Ons ...

Meester sê: Julle is nou soet.

Maar gister julle stout.

Julle ..

Die appels is nou groot.

Drie weke gelede hulle klein.

Hulle..

28. Weer kleintjies.

'n Rand wat klein is, is 'n *randjie*.

Watter letter het ons nou voor die *ie* gesit?

Vul die volgende op dieselfde manier in:

'n Tabberd wat klein is, is

'n Hond wat

'n Punt wat

'n Boot wat

'n Voet wat

'n Hand wat

'n Tand wat

'n Kind wat

'n Poort wat

'n Poot wat

'n Wind wat

'n Swaard wat

'n Geut wat

'n Spruit wat

'n Skat wat

'n Koerant wat

'n Kat wat

'n Straat wat

'n Boord wat

'n Ruit wat

29. Meervoud met e of s.

Skrywe die volgende woorde met die meervoud daaragter:

horlosie, vink, mossie, kat, pakkie, riem, riempie, steier, sluier, sloot, boek, boekie, appel, boom, vark, perske, stoppel, land, syfer, ongeluk, vaatjie, perd, pen, hoepel, doring, klip, stem, venster, varkie, bottel.

30. Elkeen op sy eie nommer.



Daar was vyf-en-twintig boeke op die rakke. Algar was mooi genommer. Die dom bediende gooi die hele boel deurmekaar. Toe moes Piet hulle weer reg sit. Eers neem hy die boek waar 1 op staan en sit dit op sy plek; dit was die eerste boek. Toe neem hy die boek waar 2 op staan; dit was die tweede boek. Toe neem hy die boeke met 3, 4,

en 5 daarop; dit was die , die en die
 Daarna sit hy die en die boek reg, en
 toe weer die , die , die , die ,
 die en die Toe die , die ,
 die , die , die , en die boek.
 Daarop volg toe die , , en boek.
 Toe was daar nog drie; dit was die ,
 en Die sit hy toe ook nog op hulle plek, en
 so was alles weer in orde.

31. **Elke keer drie.**

'n Man is sterk; 'n perd is sterker; maar 'n olifant
 is die sterkste.

'n Muis is klein; 'n tor is ; maar 'n mier
 is die

'n Stok is dik; 'n paal is ; maar 'n boom
 is die

'n Nael is skerp; 'n mes is ; maar 'n skeer-
 mes is die

'n Draad is dun; 'n haar is ; maar 'n spin-
 nerak is die

'n Druif is soet; suiker is ; maar heuning
 is die

'n Dag is lang; 'n week is ; maar 'n jaar
 is die

'n Minuut is kort; 'n sekonde is ; maar 'n
 oomblik is die

'n Pad is breed; 'n spruit is ; maar 'n rivier
 is die

'n Tafel is glad; 'n spieël is ; maar ys is
 die

Suiker is fyn; sand is; maar meel is die
 'n Rivier is diep; 'n put is; maar 'n myn
 is die

32. Skrywe die volgende woorde met hulle verkleinwoorde daaragter:

hoed, kant, lint, band, tert, skuit, woord, plant,
 hart, land, plaat, bord, stert, perd, meid, part, wond,
 kluit, spruit, draad.

Trek onder die letter *j* wat voor die *ie* kom,
 'n strepie, op hierdie manier:

hoed — hoedjie.

33. Hier kom woorde met twee klinkers.

potlood: **o** is kort; **oo** is lank.


Doen ook so met hierdie woorde:

landman, speelmaat, spoorweg, sitplek, ondie,
 vierkant, boomblad, vuurpot, domoor, trekos, stoom-
 boot, aandag, oorlog, pitsweer, boorgat, veldbrand,
 klaaglied, draadtang, kosgeld.

34. Vul in:

Die eerste is die 1e.	Die dertigste is
Die tweede is die 2e.	Die een-en-dertigste is ...
Die derde is	Die veertigste is
Die vierde is	Die vyftigste is
Die vyfde is	Die drie-en-vyftigste is ...
Die agste is	Die sestigste is
Die tiende is	Die vier-en-sestigste is ...
Die dertiende is	Die sewentigste is
Die sewentiende is ..	Die vyf-en-sewentigste is .
Die twintigste is	Die neën-en-neëntigste is .

35.

By die Stasie.

Is dit 'n groot of 'n klein stasie?
 Waaraan kan jy dit sien?
 Wat staan daar langs die platform?
 Wie trek die trein?
 Waardeur kry hy daardie krag?
 Wie bestuur die lokomotief?
 Wie stap uit die trein uit?
 Wie ontmoet hom?
 Wat doen die vrou met die twee meisietjies?
 Wie gaan nog na die trein toe, aan die regterkant?
 Wie is die man met die karretjie?
 Wat doen hy met die goed?
 Wat staan nog by die eerste pilaar?
 Is dit 'n man of 'n vrou se goed?
 Waaraan kan jy dit sien?

Watter twee boermense gaan ook na die trein toe?
 En wie kom nog aan, aan die linkerkant?
 Is dit somer of winter?
 Waaraan kan jy dit sien?

36. Alweer kleintjies.

'n Skoen wat klein is, is 'n *skoentjie*.
 Watter letter sit ons hier tussenin?
 'n Boom wat klein is, is 'n *boompie*.
 Watter letter sit ons hier tussenin?

Vul nou weer in:

'n Riem wat klein is, is 'n...	'n Pluim wat.....
'n Skelm wat	'n Wekker wat...
'n Tuin wat	'n Beker wat.....
'n Kamer wat.....	'n Dier wat.....
'n Wurm wat	'n Kraan wat
'n Stoel wat	'n Haan wat.....
'n Tafel wat	'n Trein wat.....
'n Besem wat.....	'n Deel wat.....
'n Arm wat.....	'n Deur wat.....
'n Lepel wat.....	'n Duim wat.....

37. Sit die volgende woorde in die Enkelvoud, maar pas goed op hoe jy hulle spel; want dit is nie altyd genoeg om net die agterste letters weg te neem nie.

borde, doeke, bome, name, spruite, damme, boekies, blikke, sterre, mure, drome, stappe, jongetjies,

meisies, panne, klokke, dose, dassie, bene, stene, stroke, rotte, katte, muise, drade.

Skrywe dit so:

baie borde — een bord.

baie —

38. Skrywe hierdie woorde oor, en trek onder elke klinker twee strepies, en onder elke medeklinker een; op hierdie manier:

g r a s

gras, mielies, spoortrein, band, koerant, dubbeltjie, naaimasien, bakoond, windmeul, melkbottel, mantel, middelpunt, brakkie, speelgoed, spreekwoord, trekos, ploegstert, huisgesin, winterveld, braaiwors, damwal, skoolboek, strykyster, appelkoos, stofwolk.


39. Drie trappe.

slim	—	slimmer	—	die slimste
dom	—		—	
krom	—		—	
stil	—		—	
plat	—		—	
dik	—		—	
swak	—		—	
vlak	—		—	
knap	—		—	
vol	—		—	
vrot	—		—	
vet	—		—	
slap	—		—	
wit	—		—	

verspot — —
 klam — —
 mal — —

40. Skrywe vyf sinne oor die kar.
 Ook vyf sinne oor die ploeg.
 Ook vyf sinne oor die huis.

41. **Algar het iets.**



Hier staan ses seuntjies; elkeen het iets in sy hand.
 (1) 'n swepie, (2) 'n visstok, (3) 'n skepie, (4) 'n
 voetbal, (5) 'n lei, (6) 'n boek.

Wat het elkeen?

Die eerste seuntjie het 'n in sy hand.
 Die seuntjie het 'n in sy hand.
 Die seuntjie
 Die seuntjie
 Die seuntjie
 En die ... seuntjie

Gee vir elke seuntjie 'n naam.

Die eerste seuntjie is Die seuntjie is
 Die tweede Die
 Die Die

Sê nou nog wat elkeen kan doen met die ding
 wat hy in sy hand het.

42. Skrywe die volgende woorde met hulle ver-
 kleinwoorde daaragter:

skool, naam, raam, lepel, skaal, swerm, halm,
 skeur, mier, muur, stroom, wortel, swawel, hamer,
 skerm, pruim, seun, steen, soom, winkel.

Trek onder die letters wat jy tussenin voeg, 'n
 strepie, op hierdie manier:

skool — skooltjie
 naam — naampie

43. Die 6e beteken die *sesde*.

Skrywe ook op wat die volgende beteken:

die 19e, die 25e, die 16e, die 9e, die 23e, die 28e,
 die 15e, die 7e, die 22e, die 14e, die 11e, die 27e,
 die 8e, die 39e, die 11e, die 44e, die 50e, die 61e,
 die 80e, die 100e.

44. Skrywe die volgende sinne oor en noem onder
 elke sin die onderwerp.

Klein Annie is vandag drie jaar oud.

Onderwerp:

Die kat van Tant Alie het vier muise gevang.

Onderwerp:

Die koster van ons kerk maak die deure oop.

Onderwerp:

Aarbeie met room smaak baie lekker.

Onderwerp:

'n Blinde man is baie ongelukkig.

Onderwerp:

Oom Hans se wa sit vas in die spruit.

Onderwerp:

Die bome is in die winter kaal.

Onderwerp:

Die ou hond van ons buurman is siek.

Onderwerp:

Brood met stroop is gesond om te eet.

Onderwerp:


Ek kan môre nie na jou kom nie.

Onderwerp:

45. Verdeel hierdie woorde in lettergrepe:

landery, boerdery, winterkoring, tandedokter, voor-
slag, mieliemeel, suurdeeg, ploegstert, bybelboek,
kinderskoen, kladpapier, bruilof, meubelmaker, be-
sonder, volstruisveer, wilgerboom, blesbok, sterfling,
onbegryplik, gesondheid, bekwaam, amandelboom,
kweperlat, drinkwater, onvergenoeg.

46.

Die Wa.

Skrywe twee sinne oor hierdie wa.
 Skrywe ook twee sinne oor die osse.
 Ook twee sinne oor die huis wat daar staan.
 Ook twee sinne oor die goed wat by die wa op
 die grond staan.
 Ook twee oor die kaffertjie.
 Waar, dink jy, is die baas van die wa?
 Wat gaan die mense doen as die water kook?
 En wat gaan hulle doen as hulle daarmee klaar is?

47. 'n Souskom is 'n kom
 'n Blombedding is
 'n Vetkers is
 'n Koeistert is
 'n Spoortrein is
 'n Grasplek is
 'n Oliekan is
 'n Streepsak is
 'n Stoomboot is

'n Seilskip is	
'n Windpomp is	
'n Papiermandjie is	
'n Appelboom is	
'n Watermeul is	
'n Tandeborsel is	
'n Vuurtang is	
'n Stoomfluit is	
'n Rookwolk is	
'n Reënwolk is	
'n Skoenveter is	

48. Sit die volgende woorde in die meervoud:

plank, boekie, perd, stoel, sirkel, skuit, winkel, stert, kuil, byl, stapel, koekie, deur, slinger, papier, koei, jongetjie, besem, kleur, dier, beker, konyn, varkie, dokter, tante, duim, pond, letter, ruiter, skoen.

Skrywe dit so:

Enkelvoud.

Meervoud.

een plank

nog meer planke

.....

.....

49. **Klinkers en Medeklinkers**

boesman: klinkers *oe-a*; medeklinkers *b-s-m-n*.

Hier staan eers die klinkers van die woord boesman, en dan die medeklinkers.

Doen ook so met die volgende woorde:

voorwiel, bokwa, gordyn, vloerkleed, tafeldoek, springhaas, korhaan, mieliekop, stormweer, blomtuin, meelsak, piano, steekgras, waterval, kerkklok, stoomfluit, driehoek, spierwit, wonderboom, gedagte.


50. Drie Trappe.

sterk — sterker — die sterkste.

Skrywe so ook drie trappe van die volgende woorde op:

bleek, wit, swak, slap, breed, smal, skoon, fraai, vuil, lui, rond, mooi, dun, groot, klein, soet, los, wild, mak, goedkoop, goed, baie.

51. Kalwersry.



Die seuntjie met die sweep is Klasie, die tweede een is Hans, en die een daar verder weg is Frikkie.

Vertel wat hulle doen.

Is dit maklik of ongemaklik om kalf te ry?

Is kalwersry makliker of swaarder as perdry?

Waarom doen die seuntjies dit dan?

Waarom val 'n mens maklik van 'n kalf af?

Waarom klou Hans en Frikkie dan vas?

Waarom sit hulle nie op 'n saal nie?

Kan Hans die kalf regeer?

Waarom nie?

Is die kalf gewillig om hom op sy rug te laat ry?

Wat doen Klasie?

Wat sal die kalf netnou gaan doen?

Wat gaan gebeur as die kalf dan meteens stop?

Wat gaan gebeur as die kalf te na by die draad langs hardloop?

En wat gaan gebeur as Hans dan tuis kom?

52. Weer 'n klomp kleintjies.

'n Ring wat klein is, is 'n *ringetjie*.

Watter letters het ons hier nog voor die *ie* gesit?

Maak nou weer name van klein dinge.

'n Tong wat klein is, is.....	'n Vul wat
'n Stem wat	'n Kan wat
'n Pen wat	'n Ton wat
'n Kar wat	'n Kol wat
'n Vel wat	'n Val wat.....
'n Bol wat	'n Mol wat.....
'n Lam wat	'n Kam wat
'n Ster wat	'n Slang wat.....
'n Wang wat.....	'n Tol wat.....
'n Som wat.....	'n Dam wat

53. Die maande.

Januarie, Februarie, Maart.

Dit is die *eerste kwartaal*.

April, Mei, Junie.

Dit is die *twede kwartaal*.

Julie, Augustus, September.

Dit is die *derde kwartaal*.

Oktober, November, Desember.

Dit is die *vierde kwartaal*.

Die name van die maande word met 'n hoofletter geskrywe.

Leer hierdie versie van buite:

Dertig dae het November,

April, Junie en September.

Die maand Februarie het net vier weke;
Die skrikkeljaar moet nog 'n dag daarby reken.

Die maande wat nou nog orig bly,

Het algar een-en-dertig gekry.

Skrywe nou die maande op wat 31 dae het.

Vul in:

Die eerste maand is

Die tweede maand is

Die derde maand is

Skrywe so al die maande op.

54. Hier is weer 'n sin:

Tant Hannie kan lekker bak.

Wat is die onderwerp? Tant Hannie.

Wat sê ek van Tant Hannie?

Tant Hannie..... kan lekker bak.

Wat ek van die onderwerp sê, is die Gesegde.

Tant Hannie is die onderwerp.

kan lekker bak is die gesegde.

Nou sal ons 'n sin in twee stukke opskrywe:
die eerste stuk is die onderwerp; die tweede stuk
is die gesegde.

Ons ou kat het vyf kleintjies.

Ons ou kat onderwerp.
het vyf kleintjies gesegde.


Doen nou ook so met die volgende sinne:

Dingaan was 'n wrede Kaffer.
Ons osse is nou weer spekvat.
Julle nuwe kar ry lekker.
Die blomme op ons stoep lyk tog alte mooi.
My nuwe skoene maak my voete seer.
Die reën het hier 'n sloot gemaak.
Ma sal môre pannekoek bak.
Daardie klein kind is my nefie.
Die bome in ons tuin moet gesnoei word.
Gister se hael het baie skade gedoen.
Annie se pa is siek gewees.
Daardie groot rooi os trek goed.

55. 'n Slaapplek is
'n Slaghuis is
'n Roeiboot is
'n Slynklip is
'n Braaipan is
'n Kapmes is
'n Werkesel is
'n Tekenskool is
'n Weegskaal is
'n Swemvoël is

'n Loopplank is.....
 'n Leesbril is.....
 'n Leerboek is.....
 'n Breekyster is
 'n Boorgat is
 'n Speelmaat is
 'n Drinkglas is
 'n Swembroekie is

:56.

Die middagete.

Hier sit Pa en Ma met Hans, Hettie en Baba.
 Wat doen hulle?
 Wat eet hulle?
 Waaraan sien jy dit?
 Hou Hettie haar lepel goed of verkeerd vas?
 Wat sê Ma vir haar?
 Met wie praat Pa?
 Waaraan kan jy dit sien?
 Wat staan daar nog op die tafel?

Wat is in die skottels met die deksels?

Wat is in die kommetjie met die deksel en met die lepel daarin?

Watter goedjies staan daar by Ma se regterhand?

Vertel hoe Ma se bloes lyk.

Vertel hoe Hettie se rokkie lyk.

Vertel hoe Baba se rokkie lyk.

Wat het Pa gedoen voor hulle begin eet het?

Wat sal Pa doen as hulle klaar geëet het?

57. **Dit is snaaks.**

Elsie is 'n klein meisie. Sy is nog maar vier jaar oud. Sy is in Wonderland. Elsie is nuuskierig om te sien wat daar buite in die veld is. En wat is daar dan? 'n Snaakse bruin hasie met lang ore. Hy is net gekleed soos 'n mens. Hy het 'n mooi klein baadjie aan, en sy onderbaadjie is wit. Hy het 'n klein sambreeltjie, want hy is bang vir reën. Hy kyk net op sy horlosie hoe laat dit is. Is dit nou nie 'n snaakse ding nie?

Skrywe die storie van Elsie oor, maar dis nou lankal gelede. Daarom moet daar nou bo staan:

Dit was snaaks.

Elsie was

58. Skrywe die volgende woorde met hulle verkleinwoorde daaragter:

man, vlam, rib, tor, kram, kom, ding, rol, pil, stam, tang, pan, snor, wal, kan, bul, pol, pen, pin, stal, spul.

Trek onder die letters wat jy daar tussenin voeg,
'n strepie, op hierdie manier:

man — mannetjie.

59. Elke keer twee verskillendes.

Twee seuntjies; die een is soet, en die ander is....

Twee lemoene; die een is soet, en die ander is....

Twee sakke; die een is swaar, en die ander is

Twee somme; die een is swaar, en die ander is ...

Twee koppe tee; die een is sterk, en die ander is

Twee seuns; die een is sterk, en die ander is

Twee hoede; die een is oud, en die ander is

Twee osse; die een is oud, en die ander is

Twee brode; die een is oud, en die ander is

Twee kleure; die een is lig, en die ander is

Twee vragte; die een is lig, en die ander is

Twee stokke; die een is reguit, en die ander is

Twee somme; die een is reg, en die ander is

60. Enkelvoud en meervoud.

Vul in:

<i>Een</i>	<i>Meer</i>		<i>Een</i>	<i>Meer</i>
stuk,			been,	
stoel,			land,	
boom,			skaap,	
pan,			stok,	
jaar,			hek,	
ruit,			baas,	
rok,			klok,	
stap,			pop,	

<i>Een</i>	<i>Meer</i>		<i>Een</i>	<i>Meer</i>
boon,			haar,	
week,			kous,	
uur,			pil,	
skoën,			slak,	
stem,			kerk,	


61. Maak van al die woorde uit die vorige oefening verkleinwoorde:

stuk — stukkie.

.... —

62.

Bome kap.



Wat word met hierdie bome gedoen?

Wat doen die voorste kaffers?

Hoe het hulle die tou bo in die boom vas gekry?

Kan hulle die boom somar omtrek?

Wie help vir hulle?

Op watter manier help hy?

Wat gaan hulle doen as hulle sien dat die boom kom?

Wat doen die ander twee manne?

Waarom doen hulle dit?

Wat saag hulle nog meer af behalwe die wortels?

Waarom word die gekapte bome gebring?

Waar staan die stasie?

Wat ry daar net weg van die stasie?

Is dit 'n passasiers- of 'n goederetrein?

Wat is op daardie trein gelaai?

Wat hou die kappers uiteindelik van die bome oor?

Wat maak hulle daarmee?

63. 'n Skroefdraaier is 'n instrument om skroewe mee te draai.

'n Garewinder is

'n Strooisnyer is

'n Suikerstrooier is

'n Glassnyer is

'n Matklopper is

'n Naeltrekker is

'n Briewehanger is

'n Draadknipper is

'n Bordveër is

'n Neutkraker is

'n Bliksnyer is

'n Mielieafmaker is

'n Roomafskeier is
 'n Potloodpunter is
 'n Mielieplanter is
 'n Klerehanger is
 'n Briefweër is

64. **Gister se Piekniek.**

Gister was dit 'n lekker dag vir ons.

Die weer was baie mooi, en dit was nie te warm en ook nie te koud nie.

Ons was by die rivier: Piet en Koos, en Jan en Gert.

Daar was ook vier meisies: Annie en Bettie, 'en Lenie en Hanna.

Ons het 'n klomp koek en limonade gehad, en die meisies het ook nog lekkergoed gehad.

Dit was heerlik onder die hoë bome en in die skuitjie op die water.

Ons was jammer vir Hans van Oom Jakob, dat hy nie by ons was nie. Sy kop was seer.

Skrywe hierdie stukkies oor, maar sit daarbo:

Vandag se Piekniek.

Let op dat jy ook sommige woordjies moet verander.

65. Skrywe hierdie woorde in hulle drie trappe:

swak, sterk, slim, gelukkig, arm, gesond, versigtig, bly, dik, gevaarlik, wonderlik, gemaklik, dom, rats, eerlik, groot, handig, fraai, suinig, goed, baie.

66.

Grace Darling.¹⁾

Die meisie in die skuit is Grace Darling.

Vertel wat sy gedoen het. Vertel van die skip, die weer, die golwe, die mense en hoe die mense gered is.

67. Maak verkleinwoorde van die volgende woorde:

besem, ster, bos, tafel, kol, stam, vlam, soom, som, kalf, lam, haan, kan, dier, stok, seun, nig, spieël, arm, huis, boom, kom, val, paal, dame, oom, vul, draad, vel, kop.

68. Skrywe die volgende sinne oor, en noem onder elke sin die onderwerp en die gesegde.

Die leeu is die koning van die diere.

Hierdie jong hoenders lê groot eiers.

¹⁾ As die geskiedenis van Grace Darling onbekend is, behoort die Onderwyser dit eers te vertel.

Hoë bome vang baie wind.
 'n Hoed sonder rand beskerm nie teen die son nie.
 Klein muisies het partykeer groot ore.
 Klein kinders luister partykeer veels te skerp.
 Pa en Ma is ons beste vrinde.
 Baie nuus staan daar nie in die koerant nie.
 Die lande langs die spruit staan vol koring.
 Die perd van my neef Koos struikel nou en dan.
 Ons perskebome staan vol knoppe.
 Die trein na Bloemfontein is drie ure laat.

69. Skrywe vyf sinne oor die hond.
 Ook vyf sinne oor die mossies.
 Ook vyf sinne oor die kalkoen.

70. Vul in:

Die son kom smôrens op en gaan saans
 Die kinders loop gedurig in en
 Die vrou maak die hele huis skoon van bo tot
 Die trein kom vyf minute voor 12-uur, en die
 bus vyf minute 12-uur.
 Ek sal voor loop, en jy
 Party kinders leer al voor skooltyd, en party moet
 nog skooltyd leer.
 Die kat behoort nie op die tafel te wees nie,
 maar daar
 'n Vis leef in die water, maar die water
 gaan hy dood.
 Die wortels van 'n plant is onder die grond, maar
 sy blaartjies is die grond.

'n Siek mens moet binnekant bly: hy mag nie
kom nie.

Ons skrywe die reëls van links na


Eers gaan die vlieër op, en dan kom hy weer

Piet trek sy baadjie uit, en Gert trek syne

71. Skrywe die volgende woorde op met die meervoud daaragter:

som, riem, hok, hoek, ton, skoen, hand, hoed,
bol, seil, skop, tor, boer, jas, huis, pit, skuit, vel,
kuil, strop, klomp, hen, tuin, ster, skeur, stam, duim,
rak, kruik.

72. 'n Konsert.



Hier is Koos, Hansie, Bettie, Willem en Gert,
en op die grond sit klein Nellie.

Vertel wat elkeen van hulle het.

Wat doen hulle daarmee?
 En wat doen Gert?
 Waaraan hang Koos se trommel?
 Waarmee slaan hy op die trommel?
 Hoe kan Bettie verskillende note op die fluit speel?
 Kan Hansie ook verskillende note op haar trom-
 pet blaas?
 En hoe maak Willem die verskillende note?
 Moet hy dan altyd blaas?
 Vertel ook hoe klein Nellie haar musiek maak.

73. <i>Woord</i>	<i>Klinkers</i>	<i>Medeklinkers</i>
speelgoed,	<i>ee—oc</i>	<i>s—p—l—g—d</i>
beeskraal,		
bokmelk,		
sprinkaan,		
pofadder,		
plantasie,		
melktert,		
ledigheid,		
varkwagter,		
kolonie,		
ysterperd,		
elmboog,		
swarigheid,		
ryperd,		
dieretuin,		
gesondheid,		
onverwags,		
waterleiding,		
tweevoorploeg,		
vergeetagtig,		

74. **Altwee eners.**

Jan is net so oud soos ek.

Ons is ewe oud.

Gert is net so groot soos Klaas.

Hulle is

My werk is net so goed Hendrik syne.

Ons werk is

Bettie is net so slim Hannie.

Hulle is

Hierdie boek is net so dik daardie.

Die twee boeke is

Appels is net so duur pere.

Hulle is

Ek is net so rats Piet.

Ons twee is

Jy is net so ywerig Lenie.

Julle twee is

Die vloer is net so glad die tafel.

Hulle is

My vark is net so swaar joue.

Ons varke is

75. Maak verkleinwoorde van die volgende woorde:

bank, naam, hamer, pan, pot, haan, skool, vorm, skaap, koei, hen, roos, kom, winkel, ketel, bord, appel, perske, blom, tabberd, seun, dogter, oom, brief, kar, kan, kam, raam, perd, esel.

bank — bankie.

76. Watter datum?

Die maand September het een keer met 'n Sondag begin. Toe staan op ons kalender:

Sondag, die eerste September. 1 Sept.

Maandag, die tweede September. 2 Sept.

Dinsdag, die

Skrywe so verder die eerste week uit.

Vul nou dit in:

3 Jan. beteken: die derde Januarie, 3 Jan.

7 Apr. beteken:

11 Aug. beteken:

23 Febr. beteken:

16 Des. beteken:

12 Mrt. beteken:

20 Nov. beteken:

31 Jul. beteken:


1 Okt. beteken:

19 Jun. beteken:

6 Mei beteken:

24 Sept. beteken:

77. Die ryk seun.



Hierdie seun is baie ryk. Kyk hoe mooi is die kamer, en hoeveel dinge het hy.

Vertel alles wat jy in hierdie kamer sien, en wat die ryk seun daarmee kan doen.

78. Skrywe hierdie woorde met hulle verkleinwoorde daaragter:

boek, pen, potlood, kol, tuin, blom, vink, haan, vark, boom, lepel, winkel, kamer, besem, soom, letter, rosyn, raam, skoen, tafel.

boek — boekie.
pen —

79. Skrywe in woorde:

31 Aug.; 17 Sept.; 12 Feb.; 18 Mrt.; 7 Jul.;
13 Nov.; 1 Apr.; 16 Jan.; 8 Mei; 11 Jun.; 20 Okt.;
3 Des.; 15 Sept.; 28 Aug.; 17 Feb.; 29 Nov.;
31 Jan.; 5 Des.

80. Skrywe hierdie sinne oor, en sit onder elke sin die onderwerp en die gesegde:

Klein Danie kan nog nie goed loop nie.
Jy moet jou werk netjies klaarmaak.
Die son kom in die Ooste op.
Die reën van gister het baie goed gedoen.
Ons twee perde is besonder lewendig.
Die dokter kom aldag by Oom Jaap.
Die jakkals wil ons hoenders vang.
Ons hond pas goed op.
My broers swem dikwels in die dam.
Ons mooi groot spieël het gebreek.
Jou baadjie se mou is vuil.
Die horlosie in die slaapkamer wys verkeerd.

MY AFRIKAANSE TAALBOEKIE

'N REEKS TAALBOEKIES
VIR DIE LAER SKOOL,

INGERIG VOLGENS
DIE VOORGESKREWE STANDAARDS,

DEUR

O. VAN OOSTRUM, O.I.,
DOSENT, NORMAALSKOOL, PRETORIA

MET DIE MEDEWERKING VAN

D. J. ACKERMANN, B. A.
HOOF, HOËR SKOOL, SOMERSET WES

STANDAARD III

Drukkerij en Uitgeverij J. H. de BUSSY, Pretoria
Holl.-Afrik. Uitgevers Mj. v/h J. DUSSEAU & Co., Kaapstad
1976

Skb
372.6
VAN

MY AFRIKAANSE TAALBOEKIE

'N REEKS TAALBOEKIES VIR DIE LAER SKOOL

INGERIG VOLGENS
DIE VOORGESKREWE STANDAARDS

DEUR

O. VAN OOSTRUM o. 1^e kl.

Dosent, Normaalskool, Pretoria

MET DIE MEDEWERKING VAN

D. J. ACKERMANN, B. A.

Hoof, Hoër Skool, Somerset Wes

STANDAARD III



DRUKKERIJ EN UITGEVERIJ J. H. DE BUSSY, PRETORIA
HOLL.-AFRIK. UITG.-MIJ. v/h. JACQS. DUSSEAU & CO., KAAPSTAD
1926

VOORBERIG.

Die taalonderwys in die laer skool het drieërlei doel:

1. Dit moet die taal vir die leerling duideliker en verstaanbaarder maak.
2. Dit moet hom leiding gee om die taal korrek te leer gebruik.
3. Dit moet hom leer om sonder foute te skrywe.

Met die oog op die eerste doel maak ons, veral in die eerste paar Standaards, maar ook later nog, baie werk van die betekenis van woorde, en in die hoër Standaards van die sin, die sinsontleding en die onderlinge verband van die sinne in 'n samehangende stuk.

Om die tweede doel te bereik gee ons opklimmende oefeninge in korrekte uitdrukking van gedagtes, eers na aanleiding van prentjies en as antwoorde op vrae; later, in St. IV en V, gee ons stories sonder woorde, voorgestel in 'n reeks van prentjies, wat die leerlinge volgens hulle eie opvatting in woorde moet weergee; en uiteindelik, in St. V en VI, word onderwerpe vir opstelle opgegee, wat die leerlinge elkeen op sy eie manier en na sy eie geaardheid moet uitwerk.

Vir die skrywe van die taal is kennis van spelling nodig. Dit word egter te min gerealiseer dat die spelling van Afrikaans heeltemal op 'n ander manier aangeleer moet word as die spelling van Engels. Die grote gros van Afrikaanse woorde word foneties gespel, en die origes volgens 'n paar eenvoudige reëls. Die spelling met enkelde of dubbele *a*, *e*, ens., of met enkelde of dubbele medeklinker is nie 'n kwessie van onthou nie, maar van die toepassing van reëls. Vir hierdie doel is dit volstrekt noodsaaklik dat die leerlinge die woorde moet leer verdeel in

OPSOMMING VAN DIE INHOUD.

(Die nommers verwys na die lessies.)

I. Uitdrukking van gedagtes:

- a. Na aanleiding van prentjies 1, 9, 21, 31, 40, 50, 61,
71, 79
- b. Sinne oor opgegewe onderwerpe . . 5, 13, 17, 26
- c. Die lees en weergee van stories . 35, 44, 55, 69
- d. Onafhanklike gedagte-uiting (Opstelletjies) 45, 65, 75

II. Spelling:

- a. Lettergrepe.. 2, 7
- b. Klinkers en medeklinkers. 3, 18
- c. Meervoud . . . 12, 22, 27, 32, 38, 42, 51, 63, 74
- d. Verkleinwoorde. 20, 29, 36, 52, 64

III. Gemene- en Eiename 4, 10, 14, 28, 44

IV. Onderwerp en Gesegde 6, 11, 24, 33, 48, 62

V. Betekenis van woorde 8, 19, 25, 39, 78

VI. Byvoeglike woorde . . . 30, 34, 37, 53, 56, 58, 67, 80


VII. Werkwoorde 15, 16, 23, 59, 66

VIII. Bywoorde 41, 46, 54, 57, 60, 68, 72, 76, 80

IX. Voornaamwoorde 43, 47, 49, 70, 73, 77

(Party lessies wat onder een van die groepe opgegee is, behoort tegelykertyd ook onder 'n ander groep tuis.)

1. Oom Hans maak 'n stoel.



Watter soort stoel maak Oom Hans?

Waarom noem ons dit so?

Waarvan is die pote en die rug gemaak?

Waarmee het Oom Hans eers die balkies en plankies glad gemaak?

Waarmee het hy hulle toe op die goeie lengte afgemeet?

Waarmee het hy hulle daarna afgesaag?

Waarmee het hy al daardie stukkies hout aanmekaar vasgemaak?

Waarvan maak hy die sitting?

Waarin steek hy die riempies?

Waarmee het hy die gaatjies in die houtraam gemaak?

Wie staan na die werk en kyk?

Wat is hulle name?

Wie se kinders is hulle?

Wie moet op die stoel sit as dit klaar is?

2. Verdeel hierdie woorde in lettergrepe:

vader, kamer, hamel, dame, skape, skale, Karel, grawe, lewer, stewels, beker, strepe, stene, streke, reken, peper, kole, skole, spore, somer, bome, koper, koring, spoke, ruwe, bure, mure, skure.

Verdeel ook die volgende in lettergrepe:

honde, katte, kaste, skulpe, winter, balke, koster, halwe, helder, kerse, wandel, ruspe, skepsel, einde, stempel, stamper, Kasper, wagter, golwe, rande, sterke, plante, hoenders, kaarte.

3. **Kort en lank.**

Die letter *aa* is lank. Maar die letter *a* is ook partykeer lank; kyk maar: *pa*, *ma*, *ja*.

Sit in die volgende woorde 'n strepie onder die letter *a* en skrywe daaragter of dit lank of kort is.

man, stam, water, hamel, stap, vader, wang, kamer, kan, tafel, lat, later, kam, kaf, vark, maters, tam, wa, dra, danig, stad, bak, laken, pad, val, garing, paling, swart, kap, apie.

man — die *a* is kort.

4. Lees hierdie name soos hulle langs mekaar staan :

rivier	—	Oranjerivier
berg	—	Tafelberg
stad	—	Durban
koning	—	George V
meisie	—	Krissie
hond	—	Nero

Hoeveel dinge word „rivier” genoem?

Hoeveel dinge word „Oranjerivier” genoem?

Hoeveel plekke noem ons „stad”?

Hoeveel plekke noem ons „Durban”?

Hoeveel mense word „koning” genoem?

Hoeveel konings heet „George V”?

Ons sien dat elke naam aan die regterkant net aan een ding of persoon behoort.

Die name aan die linkerkant is *gemene name*, dit beteken *algemene name*.

Die name aah die regterkant is *eiename*.

Eiename begin met 'n hoofletter.

Skrywe drie eiename agter elkeen van die volgende gemene name:

hond: Wagter, Prins, Boel.
 rivier:
 meisie:
 jongetjie:
 dag:
 stad:
 skool:
 maand:
 berg:
 plaas:

5. Skrywe vier sinne oor die haan.
 Skrywe vier sinne oor die henne.
 Skrywe vier sinne oor die kuikens.
 Skrywe vier sinne oor die eiers.
6. Skrywe die volgende sinne oor, en sit onder elke sin die Onderwerp en die Gesegde.

Reën en sonskyn laat die koring groei.
 'n Wit hoed met 'n volstruisveer lyk mooi.
 Jy mag môre nie gaan kuier nie.
 Die papier van hierdie boek is wit.
 Die horlosie in ons kamer slaan al die ure en halfure.

Die kanarie op ons stoep sing my smôrens wakker.

Al die bulte rondom ons huis is nou groen deur die reën.

Winter en somer wissel mekaar af.
 Die vlieë is in die somer baie lastig.
 Ons nuwe onderwyser kan mooi vioolspeel.
 Jou hond het my sussie se pop stukkend gebyt.
 My ousus giet elke aand die blomme in haar tuin nat.

Pa lees elke môre gereeld sy koerant.
 Die appelboom agter ons huis is vol bloeisels.
 My oom Pieter se ou ryperd is dood.

7. Verdeel in lettergrepe:

stoepe, boeke, spyker; duiwe, rieme, deure, buite,
 stoele, druiwe, spuite, briewe, reuse, reise, ruite,

kluite, spoedig, roeper, sieke, wiele, kamer, dames, vere, lepel, semels, water, stewels, klere, slote, kranig, stewig.

Verdeel ook die volgende in lettergrepe:


rakke, pakke, damme, panne, stappe, kanne, stalle, karre, dassie, stemme, hekke, velle, kudde, kleppe, lesse, sterre, wette, henne, koppe, somme, potte, bolle, stukke, kussing, putte, brokke, wakker, bitter, bossie, bakker.

8. Vul in:

- 'n Skryfboek is 'n boek om in te skrywe.
- 'n Leesboek is
- 'n Wandelstok is
- 'n Brandyster is
- 'n Knyptang is
- 'n, Skryfpen is
- 'n Woonhuis is
- 'n Bakoond is
- 'n Rekenboek is
- 'n Vangstok is
- 'n Stopnaald is
- 'n Weegskaal is
- 'n Brandglas is
- 'n Snoeisker is
- 'n Kykglas is
- 'n Spitgraaf is
- 'n Skilderkwas is
- 'n Sitplek is
- 'n Draagriem is

'n Knyppbril is
 'n Braaiboud is
 'n Strykyster is
 'n Roeispaan is
 'n Tekenpen is
 'n Spotliedjie is

9.

Goeie Reis!

Gee vir al die kinders op hierdie prentjie name.
 Vertel wie die karretjie gemaak het. Waarvan
 het hy dit gemaak?

Sê nou wat elkeen van die kinders doen.

Waar gaan hulle na toe?

Wat gaan hulle daar maak?

Wat is die hondjie se naam, en wat doen hy?
 Waarom blaf hy?

Wie staan daar nog meer op die prentjie? Wat
 doen hulle?

10. Hier staan elke keer drie eiename. Skrywe agter elke drietal 'n gemene naam wat daarby pas.

Kaapstad, Johannesburg, Pretoria: elkeen van hierdie is 'n

Maria, Johanna, Bettie, elkeen van hierdie is 'n

Somer, Winter, Lente:

Natal, Transvaal, Vrystaat:

Maart, April, Mei:

Spitskop, Aasvoëlkop, Platberg:

Jan van Riebeeck, Simon van der Stel, Ryk Tulbagh:

Botha, Kitchener, Smuts:

Pieter, Koos, Willem:

Bergrivier, Vaal, Sambesie:

Oudtshoorn, Malmesbury, Graaff-Reinet:

Goede Hoop, St. Francis, Naaldkaap:

Lodewyk XIV, Edward VII, Willem III:

Frankryk, Duitsland, Denemarke:

Kwaaiman, Witland, Blouberg:

11. Skrywe die onderwerp en die gesegde van hierdie sinne op:

My skoene word nou al oud.

Die ministers regeer die land.

Die valke pla ons teenswoordig baie.

Ons dam is nou heeltemal vol.

Die nuwe winkel op die hoek lyk mooi.

Amper al ons appels het afgewaai.

Die sprinkane doen partykeer groot skade.

Ons haan kan hard kraai.

My ou baadjie is nou heeltemal gedaan.

Die winter kom vanjaar al vroeg.

Sestien osse kan die wa nog nie uit die modder trek nie.

Die twee ou mense woon in 'n klein huisie buite die dorp.

Daardie arme kêrel het alweer 'n ongeluk gehad.

Koringmeel sal vanjaar baie duur wees.

Aartappels met spinasie en braaivleis is my lekkerste kos.

12. Kort en lank.

Enkelvoud man, die klank is kort; meervoud manne, dit bly kort.

Enkelvoud haan, die klank is lank; meervoud hane, dit bly lank.

Gaan so verder met die volgende woorde:

stap, kam, raam, stam, hap, haar, dam, haak, rak, spat, naat, kraal, haas, bal, baas, blaar, bak, slak, draak, plaat, stal, staal, ham.

Maar leer nou die volgende vanbuite:

<i>Enkelvoud</i>	<i>Meervoud</i>
dal (kort <i>a</i>)	dale (lang <i>a</i>)
gat (kort <i>a</i>)	gate (lang <i>a</i>)
glas (kort <i>a</i>)	glase (lang <i>a</i>)
vat (kort <i>a</i>)	vate (lang <i>a</i>)
dag (kort <i>a</i>)	dae (lang <i>a</i>)
slag (kort <i>a</i>)	slae (lang <i>a</i>)
vlag (kort <i>a</i>)	vlae (lang <i>a</i>)

Watter letter word uit die laaste drie weggelaat?

13. Skrywe vier sinne oor julle huis.
 Skrywe vier sinne oor julle tuin.
 Skrywe vier sinne oor julle skool.
 Skrywe vier sinne oor julle kerk.

14. Skrywe vier eiename van *osse* op.

Ook vier eiename van *perde*, van *kaffers*, van *dorpe*, van *plase*, van *meisies*, van *koeie*, van *sauns*, van *esels*, van *honde*, van *lande* en van *berge*.

15. **Algar besig.**



Op hierdie prentjie doen algar iets. Vul hieronder in wat hulle doen.

Ma koffie. Pa die koerant. Jan
 'n brief. Annie op die piano. Berta 'n
 kous. Die meid die aartappels. Die kaffer
 die perd. Die hond die hoenders. En die
 kat die melk.

Skrywe nou wat hulle werk is:

Die werk van Ma is om

Die werk van Pa is

16. Lees dit:

'n Woord wat sê wat iemand doen, is 'n *Werkwoord*.

Hier is party werke wat 'n boer doen: ploeg, saai, plant, skoffel, sny, trap, grawe, kap, melk, ry, pluk. — Dit is algar *Werkwoorde*.

Skrywe nou vier werkwoorde van 'n *timmerman*.

Ook vier van 'n *smid*, van 'n *perd*, van 'n *meid*, van 'n *winkelier*, van 'n *os*, en van 'n *kleremaker*.

17. Skrywe vier sinne oor die reën.

Skrywe vier sinne oor die wind.

Skrywe vier sinne oor die son.

Skrywe vier sinne oor die maan.

18. Skrywe die klinkers en die medeklinkers van die volgende woorde op:

aanhoudend, boekhouer, eensgesind, goedgunstig, herbergsaamheid, jagspinnepkop, kankerbossie, lewendigheid, mensliewend, noordwestewind, onverwags, posspaarbank, rooskleurig, sondegskool, tabakrolletjie, uitmuntend, verjaarsdag, wegkruipertjie, onderwysersvereniging.

<i>Woorde.</i>	<i>Klinkers.</i>	<i>Medeklinkers.</i>
aanhoudend	aa, ou, e	n, h, d, n, d
boekhouer		

19. 'n Slaapplek is
 'n Slaghuis is

Gaan so verder en sê ook wat die volgendes is:

'n roeiskuit, 'n slypklip, 'n braaipan, 'n kapmes,
 'n werkesel, 'n tekenskool, 'n weegskaal, 'n swem-
 voël, 'n loopplank, 'n leesbril, 'n leerboek, 'n boorgat,
 'n speelmaat, 'n drinkglas, 'n swembroekie, 'n eetbord,
 'n speeldoos, 'n werkpak, 'n draaistoel, 'n dryfriem,
 'n vliegmasien, 'n skuurlap.

20. Van 'n Selfst. Naamw. wat eindig op een van die letters *f*, *g*, *k*, *p*, of *s*, kan ons 'n verkleinwoord maak deur *ie* daaragter te sit. Maar om dit goed te skrywe, moet ons let op die klinkletter van die woord. As dit 'n lang klinker is wat dubbel geskrywe word, soos *aa*, *ee*, *oo*, word die klinker in die verkleinwoord enkeld geskrywe, soos

skaap — *skapie*.

As die klinker kort is, skrywe ons die medeklinker dubbel, soos

kap — *kappie*.

En as die woord met twee medeklinkers eindig, sit ons net die *ie* daaragter, soos

vark — *varkie*.

Skrywe die volgende Selfst. Naamw. op met hulle verkleinwoorde daaragter:

skaaf, stof, erf, boog, lag, berg, steek, hek, kerk, knoop, knop, dorp, roos, klos, vers, strook, huis,

kurk, streep, stoof, vraag, duik, druif, stoep, os, skep, stuk, boek, kraak, kop, lamp, oog, werk, kruis, gans, graf, vrug, stomp, gerf.

21.

'n Skiettog.

Hierdie mense maak vir hulle klaar om op 'n skiettog te gaan. Die man wat hier vooraan staan, is Oom Dirk; dié wat op die kassie sit, is Oom Neels; die een wat agter by die wa staan, is Oom Hans; die een in die wa se tent is Oom Pieter; en die een wat voor op die wa staan, is Oom Martiens.

Vertel wat elkeen van hulle doen.

Wat wil die seuntjie?

Wat doen die dogtertjie?

Wat doen die hoenders?

Vertel wat die kaffers doen. Wat is in die kis?

Vertel wanneer die vyf mans vertrek en waarheen hulle gaan.

Vir wie neem hulle saam om te help?

Hoe lank sal hulle wegbly?

Waar sal hulle slaap solank as hulle op tog is?

Wat sal hulle eet?

Wie sal dit vir hulle gaar maak?

Wat gaan hulle skiet?

Wat sal hulle doen met die wild wat hulle skiet?

En wat doen hulle daarmee as hulle terugkom?

22. Vul in: **Een en meer.**

Laaste nag was dit baie koud. Ons het al 'n hele paar van sulke koue n. gehad.

In hierdie boom is 'n vinknes, en by die dam in die wilgerboom is nog 'n hele klomp n.

Die doodgrawer maak 'n graf. Daar is seker wel twintig gr. op die kerkhof.

Pa bring 'n vrag hawer mark-toe. Oom Piet sal môre twee vr. wegbring.

Die bees is in die kamp. Daar is nog meer b. in die kamp.

'n Perske is 'n lekker vrug. Ons het vanjaar baie vr.

Daar het 'n bars in hierdie glas gekom, en in my koppie is seker drie b.

Die kors van die brood is hard, maar ek hou van harde k.

Hier is 'n lang geskrif oor skape. Die regering stuur baie ges. oor allerhande boerdery rond.

My boeke is in 'n kas weggepak. Dit staan met 'n klomp ander k. in die pakkamer.

Die vors wat oor ons regeer, dra die naam van koning. Die v. van ander lande dra weer ander name, soos keiser, sultan, ens.

Ek het partykeer las van hoofpyn. In die Bybel staan dat ons mekaar se l. moet dra.

Skrywe nou die woorde wat jy ingevul het in die Enkelvoud en in die Meervoud op:

<i>Enkelvoud</i>	<i>Meervoud</i>
nag	

23. Hier staan vyftien Werkwoorde:

weeg, draf, rol, trek, vlie, kraai, ry, saag, was, bloei, tjank, swem, kook, knor, sing.

Hier staan ook vyftien Selfst. Naamwoorde:

timmerman, voël, kanarie, blom, eend, perd, haan, water, meid, os, hond, vark, winkelier, trem, albaster.

Sê nou wat elkeen van daardie vyftien doen. Soek sy werk uit die werkwoorde hierbo.

24. Die onderwerp van 'n sin staan nie altyd vooraan nie; dit staan ook partykeer in die middel of heeltemal op die end van die sin.

Skrywe die volgende sinne oor, en sit die onderwerpe nog apart daaronder.

Gister was Boet Hans by ons.

Onderwerp:

Môre gaan Pa dorp-toe.
 Hier het Gert 'n hasie geskiet.
 Met plesier doen Willem sy werk.
 Nooit maak Klaas 'n fout met sy somme nie.
 Daar kom Neef Piet.
 Daar gunter woon 'n arm vrou.
 In 'n paar tellings is al die jongetjies buite
 Hier staan 'n hoë boom.
 Nooit sal ek daardie les vergeet nie.
 Heeltmal op sy gemak kom Neels na skool toe
 gewandel.

Elke middag staan Gert vir my en wag.

Skrywe nou hierdie sinne weer op, maar elke slag met die onderwerp vooraan:

Boet Hans was gister by ons.

Pa ens.

25. Watter soort perde, osse en honde, messe, rieme en stene is dié wat hieronder genoem staan?

'n trekperd, 'n ryperd, 'n stalperd, 'n handperd,
 'n karperd, 'n stokperd; 'n trekos, 'n pakos, 'n
 slagos; 'n jaghond, 'n waakhond, 'n herdershond;
 'n slagmes, 'n jagmes, 'n kapmes, 'n snoeimes; 'n
 draagriem, 'n dryfriem, 'n osriem; 'n bousteen, 'n
 galsteen, 'n dobbelsteen, 'n hoeksteen, 'n baksteen.

'n Trekperd is 'n perd wat ens.

26. Skrywe vier sinne oor *die perd*.

"	"	"	"	<i>die os.</i>
"	"	"	"	<i>die skaap.</i>
"	"	"	"	<i>die vark.</i>

27. Wat voeg jy agter die woorde *nes, bees, bars*, om die Meervoud daarvan te maak?

Maar pas op, moenie so maak met al die woorde van hierdie les nie.

Vul in:

Een en meer.

Ek het nou maar een les geleer, maar môre kry ek twee l. . . . om te leer.

Daar is twintig kinders in ons klas, en die skool het vyf kl. . . .

Daar sit 'n las in hierdie riem, en in die ander sit drie l. . . .

Hier is 'n mooi tros druiwe. Daar sit nog meer sulke mooi tr. . . . aan ons preeel.

By ons huis is 'n bos, en anderkant die bult is nog twee ander b. . . .

Hier lê 'n groot plas water. Ek sien die straat is vol pl. . . .

Ek sny brood met 'n mes. Daar is altyd 'n hele party m. . . . op die tafel.

Daar is 'n lelike bars in hierdie tafel, en in die ander tafel is ook al 'n paar b. . . .

Miere word soms met gas doodgemaak. In die laaste oorlog het hulle verskillende g. . . . gebruik om mekaar dood te maak.

Ons sal vanaand vis eet, want Pa het agtermiddag 'n stuk of twaalf groot v. . . . gevang.

Gooi die geld in die bus. Daar hang twee b. . . . by die deur van die kerk.

Skrywe nou die woorde wat jy ingevul het, in die Enkelvoud en in die Meervoud op.

<i>Enkelvoud</i>	<i>Meervoud</i>
les	

28. 'n Naamwoord word gewoonlik 'n *Selfstandige Naamwoord* genoem. Soek uit die volgende storie al die Selfstandige Naamwoorde uit, en skrywe hulle op. Trek 'n strepie onder die eiename wat daarby is.

Die klein Timmerman.

Koos wou 'n rakkie vir sy boeke maak. Hy vra toe vir Oom Gert om hout, en die Oom gee hom 'n ou kisse wat die winkelier gestuur het met goed daarin. Koos gaan toe daarmee huis-toe. Hy vat 'n hamer en slaan die plankies los. Die spykers bêre hy om weer te gebruik. Toe neem hy 'n boek om te meet hoe breed die plankies moet wees. Ook neem hy die saag van sy pa en sae die plankies gelyk. En toe vat hy die hamer en ook spykers, en begin te timmer. Maar toe hy halfpad was, kry hy 'n ongeluk: hy slaan op die nael van sy duim, dat die bloed daaruit kom. Nou gaan hy na sy ma toe; sy smeer toe Zambuk daarop en draai 'n lappie daaromheen. Maar Koos kon nie meer werk nie. Daarom het sy broer Johan die rakkie toe verder klaar gemaak. Toe dit aan die muur hang, was Koos baie bly en dink nie meer aan die pyn van sy duim nie.

29. As 'n Selfst. Naamw. op 'n *d* of *t* eindig, maak ons die verkleinwoord met 'n tussenletter *j*; dus dan word die uitgang *jie*, soos

hond — *hondjie*

kat — *katjie*.

Skrywe die volgende S.n.w. op met hulle verkleinwoorde daaragter:

hoed, rand, skuit, kant, spruit, vrind, bed, plant, hand, poort, koord, fluit, slot, gebed, saad, band, bord, land, prent, draad, pit, ruit, stert, koerant, boord, woord, tabberd, tert, kaart, hart.

30. Hier staan drie sinne:

Kat vang muis.

Hond ja hen.

Perd trek kar.

Noem die Selfstandige Naamwoorde in hierdie sinne.

Is die sinne heeltemal reg?

Hier kom hulle nog 'n slag; nou is hulle beter.

Die kat vang die muis.

Die hond ja die hen.

Die perd trek die kar.

Watter woordjie het ek nou elke slag by die Selfstandige Naamwoord *bygevoeg*?

Die woordjie *die* is 'n *Byvoeglike Woord*.

Hier staan dieselfde sinne nog 'n keer, net 'n bietjie anders.

'n Kat vang 'n muis.

'n Hond ja 'n hen.

'n Perd trek 'n kar.

Watter woordjie het ek nou elke keer daarby gevoeg?

Die woordjie *'n* is ook 'n *Byvoeglike Woord*.

Hier staan dieselfde sinne alweer 'n bietjie anders.

Ons kat vang 'n muis.

Ons hond ja 'n hen.

Ons perd trek 'n kar.

Wat het ek nou by *kat*, *hond* en *perd* bygevoeg?

Die woordjie *ons* is ook 'n *Byvoeglike Woord*.

Nou sal ek elke keer twee woorde daarby voeg.

Ons ou kat vang 'n groot muis.

Julle jong hond ja 'n arme hen.

My sterk perd trek die vol kar.

Skrywe nou die Selfstandige Naamwoorde uit hierdie sinne op, en sit die Byvoeglike woorde daaragter.

Selfst. Nw.

Byvoeglike Woorde.


kat

ons, ou

muis

....,

31. 'n Huis in Aanbou.



Waarvan word hierdie huis gebou?

Van watter ander materiaal word huise soms gebou?

Watter dele van die huis word van hout gemaak?

Wie werk met die stene?

Wie maak die houtwerk?

Wat maak die messelaar eers voor hy met die mure begin?

Wanneer sit hulle die kosyne van die deure op hul plekke?

Wanneer sit hulle die kosyne van die vensters reg?

Waarop staan hulle as die mure al hoog word?

Hoe maak hulle die steier?

Waarmee word die stene aanmekaar gebind?

Waarmee skep die messelaar die kalk op?

Hoe maak hy as hy 'n steen vaslê?

Gee vir al die volk wat hier besig is, name en sê dan wat elkeen van hulle doen.

Wat sal die werksmense doen as die mure klaar is?

Wat doen die timmerman daarna binne in die huis?

Hoe 'maak die messelaar die mure binnekant mooi gelyk?

En watter man kom die huis mooi maak as die bouers klaar is?

32. Kyk nog 'n keer goed na oef. 22 en 27, en skrywe dan die volgende woorde onder mekaar met die meervoude daaragter.

vis, vrag, bees, pas, kas, nag, vrug, tros, klas, mark, graf, bus, las (in 'n riem), las (moeite), gas (wat kom kuier), gas (wat ons inasem), nes, plas, les, bars, wors.

Enkelvoud

Meervoud

vis

.....

33. Skrywe die volgende sinne oor. Sit onder elke sin die onderwerp, en skrywe die sin dan weer op met die onderwerp vooraan.

Nog nooit het Karel te laat op skool gekom nie.

Amper het ek my boeke vergeet.

Môre kom Koos van Vuren by ons kuier.

In die winter staan die mense in die dorp laat op.

Vir dertig pond wil Oom Neels sy ryperd verkoop.

Bietjie-bietjie het die werk eindelik klaargekom.

In 'n oomblik was al die voëls weg.
 Met groot geraas kom die kinders in die huis.
 Gister het Hans die hele tuin reggemaak.
 Agter ons huis staan 'n groot windpomp.
 Sukkel-sukkel het die ou jong by die huis gekom.
 Met geduld kan 'n mens baie gedaan kry.

34. Die Kraai en die Jakkals.

'n Kraai het eendag 'n groot stuk kaas gesteel. Hy vlie toe daarmee in 'n hoë boom. 'n Jakkals sien hom daar sit en wou graag die lekker kaas hê. Maar hy kon nie in die boom klim nie, want hy het nie sulke skerp kloue soos 'n kat nie. Toe dink die slim jakkals: „Wag maar, ek sal die smaaklike happie darem kry”. Hy begin om die kraai te prys, en sê: „Ag, maar jy het darem pragtige vere; ek het nog nooit so 'n mooi voël gesien nie. Ek dink jy het seker ook 'n mooi stem, sodat alle mense na die heerlike geluid luister. Laat my tog bietjie hoor”. Die dom kraai glo alles wat die jakkals sê. Hy maak sy groot bek oop, om sy krassende geluid te laat hoor. Maar toe val die kaas op die grond, en die geslepe jakkals hardloop gou-gou daarmee weg. Die teleurgestelde kraai kyk die lelike dief agterna en dink: „Ek sal nooit weer na die mooi praatjies van 'n vleier luister nie”.

Skrywe die Selfstandige Naamwoorde uit hierdie lessie op 'n ry onder mekaar, en sit agter elke

Selfstandige Naamwoord die Byvoeglike Woorde
wat daarby behoort.

<i>Selfst. Nw.</i>	<i>Byvoeglike W.</i>
kraai	'n
stuk	'n, groot
....	

35. Die klein Leser.

Boet en Sus het skool-toe gegaan, en klein Fanie het alleen by Ma tuis gebly. Fanie was nog maar drie jaar, maar hy wou darem ook graag skool-toe gaan. Toe hy nou alleen was, gaan hy na die tafel toe en vat een van sus se boeke daarvan af. Daarmee loop hy na die stoep toe en gaan daar op die grond sit. Hy maak die boek oop en begin op sy manier te lees. Ma was besig met haar werk. Toe sy Fanie 'n tydlank nie sien nie, dink sy: „Ek wil tog gaan kyk waar my kind is”. Sy kom in die voorkamer en hoor hom sê: „Olifant, koei, osse, aasvoël”, en nog veel meer. Nou kom Ma op die stoep, en daar sien sy hom. Hy het die boek mooi onderstebo op sy knietjies, en wys met sy vingertjie daarin. Ma lag ewe lekker en sê: „Goed so, my kind, leer maar fluks”, en toe gaan sy weer aan met haar werk.

Lees hierdie stukkies nog 'n paar keer oor; maak dan die boek toe en skrywe die storie oor in jou eie woorde.

36. Party verkleinwoorde het twee tussenletters: *tj*. Dit is dié wat gemaak is van Selfst. Naamwoorde wat 'n lang klinker het en eindig met *l*, *n* of *r*, soos
skoel -- *skoentjie*.

Ook Selfst. Naamwoorde wat met 'n klinker eindig, kry *tj* as tussenletters, soos

laai — laaitjie.

En ook dié wat eindig met 'n sagte lettergreep op *l, n* of *r*, soos

appel — appeltjie.

Skrywe nou die volgende Selfst. Naamwoorde op, met die verkleinwoorde wat jy daarvan kan maak.

winkel, toon, veer, skool, tou, hamer, boer, koei, spieël, wortel, tuin, sny, boor, boon, skaal, skêr, haan, seun, knie, peer, kooi, stoel, paar, strooi, swawel, kamer, kou, kool, lemoen, steel.

37. Hoe is hulle?

Hierdie mes is skerp.	Dit is 'n skerp mes.
Hierdie huis is ruim.	Dit is 'n
Hierdie os is sterk.	Dit is 'n
Hierdie tuin is mooi.	Dit is 'n
Hierdie blom is blou.	Dit is 'n
Hierdie appel is soet.	Dit is 'n
Hierdie hamel is vet.	Dit is 'n
Hierdie tabberd is fraai.	Dit is 'n
Hierdie koei is siek.	Dit is 'n
Hierdie winkel is groot.	Dit is 'n
Hierdie boom is dik.	Dit is 'n
Hierdie vrag is swaar.	Dit is 'n
Hierdie perske is rooi.	Dit is 'n
Hierdie tou is lank.	Dit is 'n
Hierdie boek is duur.	Dit is 'n

Sit 'n strepie onder al die Byvoeglike Woorde

wat sê *hoe* die dinge is. Skrywe dan daardie woorde apart op. Ons noem hulle *Byvoeglike Woorde van hoedanigheid*.

Let op wat jy moet doen met die woord *lank*.

38.

f en w.

Ek gee die swart perd maar een gerfvoer, maar die ander een kry twee groot g.....

Daar sit 'n skroef los; al die ander skr..... sit nog vas.

Ons gaan op hierdie erf 'n huis bou; daaragter het ons nog twee e.....

Daar het 'n duif van my weggevlie. Ek sal my ander d..... nou goed oppas.

Ons kat is 'n regte dief; maar dit lyk vir my al die katte is d.....

Ons het die storie van Rooikappie en die wolf gelees. In die dieretuin het ek twee w..... gesien.

Ma het 'n nuwe stoof gekry. Daar het in die winkel wel twintig verskillende st..... gestaan.

f en ww.

Pa het 'n nuwe sif gekoop; nou het ons altesame vier s.....

Piet kry alweer straf. Hy het al allerhande str.... gehad.

Daar is baie stof op die paaie; orals waar karre of waens ry, sien 'n mens die st..... uitslaan.

Hierdie os se skof is seer; die ander osse se sk..... makeer niks nie.

Op my oom se plaas in Rhodesië is 'n goudrif.
Hulle sê daar is 'n hele paar van sulke r.....
daar in die buurte.

Skrywe nou die woorde wat jy ingevul het in
die Meervoud op:

Enkelvoud
gerf

Meervoud
.....

39. Vul in:

- 'n Mes om mee te skeer, noem ons 'n.....
- 'n Pan om brood in te bak, noem ons.....
- 'n Voor waar die water in loop, noem ons.....
- 'n Masien om voer te sny,
- 'n Jas om in die winter te dra,
- 'n Bui waar hael uit kom,
- 'n Gat water waar seekoeie in geleeft het,
- 'n Nes waar bye in woon,
- 'n Pot om seep in te kook,
- 'n Skaap wat geslag moet word,
- 'n Wa met 'n tent daaroor,
- 'n Wa waar hulle vragte mee ry,
- 'n Pen wat 'n mens kan vul met ink,
- 'n Trein wat op ysterspore loop,
- 'n Boek waar al die woorde van die taal in staan,
- 'n Bank waar 'n mens op kan rus,
- 'n Spieël wat 'n man gebruik as hy hom skeer,
- 'n Stoel om iemand in te dra,
- 'n Stasie waar elektriese krag gemaak word, . . .
- 'n Jas om die stof van die klere weg te hou,
- 'n Man wat baas of meester van 'n stasie is,
- 'n Burgemeester wat onder die hoofburgemeester
staan,

40.

In die Sand.

Watter plek is hierdie?

Gee vir elkeen van die kinders 'n naam en sê hoe elkeen se klere lyk.

Vertel ook watter speelgoed hulle het en wat hulle daarmee doen.

Vertel dan ook nog watter groot water daar ver op die prentjie te sien is, wat die ma daar met haar kinders doen en watter klere hulle aan het.

41. Lees hierdie sin:

Die son skyn.

En hierdie:

Die son skyn helder.

Watter woord het ons in die tweede sin bygesit?

Let op die woorde „son” en „skyn”: by watter een van die twee behoort die woord „helder”?

Lees nou hierdie sin:

Die seuntjie loop vinnig.

By watter woord behoort die woord „vinnig”?

Watter soort woord is „skyn” en „loop”? Dis Werkwoorde.

„Helder” en „vinnig” behoort dus by werkwoorde.

Onthou nou die volgende:

Woorde wat by Werkwoorde gevoeg word, noem ons *Bywoorde*.

Skrywe nou antwoorde op die volgende vrae:

Hoe?

Hoe stroom die rivier?	Die rivier stroom.....
Hoe kruip 'n ruspe?	
Hoe sing daardie dame?	
Hoe skrywe my broer?	
Hoe blaf jou hond?	
Hoe loop die perd?	
Hoe skyn die maan?	
Hoe kraai die haan?	
Hoe skrywe jou pen?	
Hoe duik die swemmer?	
Hoe klink die orrel?	
Hoe groei hierdie kool?	
Hoe spring 'n springbok?	
Hoe gons 'n by?	
Hoe tik 'n horlosie?	
Hoe val die reën?	

Hoe kletter die hael?	
Hoe slaap klein boetie?	
Hoe speel die katjies?	
Hoe vlie die aasvoëls?	

Die woorde wat jy bygesit het, is Bywoorde.

42. Vul in:

<i>Enkelvoud</i>	<i>Meervoud</i>	<i>Enkelvoud</i>	<i>Meervoud</i>
kors		dief	
gerf		rif	
druif		bars	
nag		vrug	
bees		tas	
stof		skroef	
vrag		bus	
nes		kas	
klas		pas	
tros		stoof	
straf		sif	
graf		les	
wolf		wors	
plas		duif	
bus		geskrif	

43. Die Koei en die Hond.

1. Koos moes na Oom Gert toe gaan.
2. Hy vra toe vir Sannie om saam te gaan.
3. Sy was ook somar dadelik klaar om dit te doen.
4. Hy roep toe ook die hond.
5. Jagter wou graag saamgaan; hy spring en blaf van plesier.

6. Dit was nie ver na Oom Gert nie, want hy woon op dieselfde plaas.
7. Naby Oom Gert se huis het 'n koei gestaan; sy kyk gedurig na die hond.
8. Jagter sien toe die koei ook en wou gedurig met haar speel.
9. Maar die koei was bang dat hy haar sou byt.
10. Daarom hou sy die kop ondertoe en wou hom stoot.
11. Daarvoor het Jagter geen lus gehad nie, en dus gaan hy maar weer gou-gou by Koos en Sannie loop.

Wie word met „hy” bedoel in die tweede sin?

Met „hy” word bedoel.

Wie word met „sy” bedoel in die derde sin?

Met „sy” word bedoel.

Wie word met „hy” bedoel in die vierde sin?

Met „hy” word bedoel.

Wie word met „hy” bedoel in die vyfde sin?

Met „hy” word bedoel.

Wie word met „hy” bedoel in die sesde sin?

Met „hy” word bedoel.

„Sy” in die sewende sin beteken

„Haar” in die agste sin beteken

„Hy” in die neënde sin beteken

„Haar” in die neënde sin beteken

„Sy” in die tiende sin beteken


„Hom” in die tiende sin beteken

„Hy” in die elfde sin beteken

Is die woord „hy” ’n naam? Nee, maar dit staan in die plek van Koos se naam; en ook in die plek van Jagter se naam.

Is die woord „sy” ’n naam? Nee, maar dit staan in die plek van Sannie se naam; en ook vir die koei.

44. 'n Flukse Seun.



Op die plaas Rietfontein het ’n seuntjie gewoon met die naam van Piet. Die plaas was ver weg in Rhodesië. Op ’n aand in die maand Desember het daar ’n swaar onweer opgekom. Elke keer blits dit en rommel die donder so sterk dat al die mense bang word. Die reën val in strome neer. Daar slaan meteens die weerlig in die huis waar Piet woon. Die hele huis raak ook somar dadelik aan

brand. Piet vlug uit en wag dat die ander ook moet uitkom. Maar toe hulle nie kom nie, verstaan hy wat daar gebeur het. Hulle was seker deur die weerlig geraak. Hy loop toe die brandende huis weer binne en dra een vir een sy pa, sy ma en sy sus Bettie daaruit. Dit was 'n dapper daad, want sy klere kon gemaklik aan brand geraak het. Toe die koning daarvan hoor, stuur hy vir Piet 'n medaljie en 'n mooi brief daarby.

Maak twee kolomme; skrywe in die een al die eiename, en in die ander al die gemene Sêlfstandige Naamwoorde

Lees die storie nog 'n keer deur; maak dan die boek toe en skrywe dit in jou eie woorde oor.

45. Vertel alles wat jy vandag voor skooltyd gedoen het.

46. Soek in die volgende sinne die Bywoorde uit wat sê *hoe*, en skrywe langs elke Bywoord die Werkwoord waar dit bygevoeg is.

Jan kan goed sien.

Bywoord *goed*, by die werkwoord *sien*.

Maria lees sleg.

Bywoord, by

My Pa praat hard.

Helder blink ons banier.

Luister aandagtig na jou onderwyser.

Bettie is mooi aangetrek.
 Jou broer skrywe netjies.
 Willem gaan stil huis-toe.
 Hy kom soetjies in die huis.
 Ons perd loop vinnig oor die pad.
 Koos druk stewig my hand.
 Altyd praat hy vrindelik met ons.
 Piet kyk stip op een punt.
 Moenie so stadig werk nie.
 Sy stem klink dof.
 Die blom ruik lekker.

47. Skrywe die volgende lessie oor, maar sit in plaas van die name die woordjies *hy, sy, hom, haar*.

Elke slag as 'n naam vir die eerste keer genoem word, moet jy dit so laat bly; ook as 'n naam vir 'n rukkie nie voorkom nie, en dan weer vir die eerste keer gebruik word.

Klein Dina.

Oom Hans is ons buurman. Oom Hans woon naby ons, en ek gaan dikwels na Oom Hans toe. As ek by Oom Hans kom, kyk Oom Hans waar Tant Lettie is en vra vir Tant Lettie om 'n koekie. Dit gee Oom Hans dan vir my. Dan kom Boel, die hond, by my, en ek gee die hond 'n stukkie. Dan is die hond bly. Die hond blaf en spring teen my op. Daarna speel ek 'n bietjie met klein Dina. Klein Dina is nog maar drie jaar oud,

maar klein Dina kan al goed praat. Klein Dina is baie lief vir my, en ek ook vir klein Dina. Nie lank nie, dan vat klein Dina my hand en bring my in die kombuis. Daar lê die kat in 'n mandjie. Die kat het kleintjies. Maar die kat is glad nie bang nie, want die kat weet dat ons die kat en die kleintjies geen kwaad sal doen nie. Maar daar kom Boel ook in die kombuis. Boel blaf en spring nog maar altyd. Maar as Boel naby die kat kom, staan die kat met 'n krom rug en blaas, en krap na Boel. As Boel dit sien, gee Boel pad, want Boel weet goed dat Boel sal verloor as die kat met Boel baklei.

Lees nou die stukkie in die boekie nog 'n keer oor, en lees dit dan soos jy dit verander het. Watter een van die twee is vir jou die mooiste? Hoekom?

48. Verander die volgende sinne eers so dat die onderwerp vooraan staan, en skrywe dan die onderwerp en die gesegde apart daaronder.

Lank het Piet na die verlore lammetjie gesoek.
Nêrens het hy dit gekry nie.

Vrolik gaan klein Jan elke môre skool-toe.

Dan kyk sy ma hom met 'n glimlag agterna.

Huilend blaas die wind deur die bome.

Orals vlie die aasvoëls rond.

Sing-sing kom Annie die kamer in.

Nog een slag sal Tante jou help.

Anderkant daardie berg woon my oupa.

Elke môre om sewe-uur lui die klok.

In die middel van die pad lê 'n groot klip.

Oor daardie ding het ek al verskeie kere gestruikel.

Al stuiwend en stampend kom stadig die wa agterna.

So nimmer as nooit sal ek daardie fout weer maak nie.

Stil in die duister lê ek so en luister.

49. 'n Woord wat in die plek van 'n Selfstandige Naamwoord kom, is 'n *Voornaamwoord*.

Watter Voornaamwoord gebruik ons vir Oom Hans? En vir Gert? En vir Koos? En vir die hond? En vir die kat? En vir Tant Lettie? En vir Sannie? En vir klein Dina? En vir die koei?

Hoekom sê ons „*hy*” vir Oom Hans?

Hoekom sê ons „*sy*” vir Tant Lettie?

Is Koos 'n man? Nee, maar hy sal 'n man word.

Is Sannie 'n vrou? Nee, maar sy sal 'n vrou word.

'n Naam van 'n man is *manlik*; daarom sê ons „*hy*”.

'n Naam van 'n vrou is *vroulik*; daarom sê ons „*sy*”.

Is daar by diere ook manne en vroue?

Nee, maar daar is mannetjies en wyfies. Daarvoor sê ons ook *hy* en *sy*.

Hier is 'n storie. Soek al die Voornaamwoorde daaruit, en skrywe daarby vir watter Selfstandige

Naamwoorde hulle in die plek staan, en verder of hulle manlik of vroulik is.

Klaas en Nellie.

Klaas was 'n wrede seun. Hy het 'n hond gehad met die naam van Snel. Eendag roep hy vir Snel en hou 'n stuk brood voor hom. Toe Snel sy kop oplig om dit te vat, slaan Klaas hom op sy neus met 'n dik stok. Net kom Klaas se suster Nellie met 'n koekie vir hom. Sy steek die koekie na hom toe, maar op die oomblik dat hy sy hand uitsteek om dit aan te neem, gee sy hom 'n goeie raps met 'n stuk riem oor sy hand. Hieroor word hy somar kwaad en bevlie haar. Maar sy hardloop weg en hy hardloëp agter haar aan. Daar kom hul Ma op hulle af. „Wat gebeur hier?” vra sy, en Nellie vertel haar wat Klaas gedoen het en hoe sy hom toe gestraf het. Toe Ma alles gehoor het, sê sy vir Klaas dat hy gekry het wat hy verdien het. En toe hul Pa die aand tuiskom en van die ding hoor, was hy heeltemal tevrede met Nellie en sê dat as Klaas weer so iets doen, hy hom 'n slag goed sou deurloop.

hy — Voornaamw. — dit staan vir Klaas — dis manlik.

50.

'n Mooi Voël.



Vertel watter voël dit is en waarom hy so genoem word. Vertel hoe hy lyk: sy pote, sy kop, sy bek, sy stert, sy vlerke. Vertel dan waar hy gewoonlik rondstap en wat hy daar doen. En vertel dan ook mooi op watter manier hy slange doodmaak.

51.

e of s.

boek — boeke

kamer — kamers

Watter woorde maak hulle meervoud met *s* daaragter?

Ek sal dit vir jou sê; let maar op.

Hoeveel lettergrepe het die woord *kamer*?

Sê nou 'n slag *kamer*, en let goed op hoe jy die laaste lettergreep sê, *hard* of *saggies*.

Maak ook so met *boekie*, *winkel*, *bescm*, *toring*.

Die laaste lettergreep is elke keer sag.

Nou dan: as die laaste lettergreep sag is, maak ons die meervoud met 'n *s*.

Skrywe nou self 'n klomp van sulke woorde op, waarvan die laaste lettergreep sag is. Soek maar soveel as jy kan.

52. Kyk na die Selfst. Naamwoord *raam*. Dit het 'n lang klinker met die medeklinker *m* daaragter. As ons hiervan 'n verkleinwoord maak, sit ons die letter *p* daar tussenin:

raam — *raampie*.

Dit doen ons ook as daar 'n *r* of 'n *l* voor die *m* staan, soos in

arm — *armpie*.

Kyk na die Selfst. Naamwoord *woning*. Die laaste lettergreep is sag, sonder klemtoon, d.w.s. ons druk nie daarop nie; en dit eindig op *ng*. As ons hiervan 'n verkleinwoord maak, sit ons die tussenletter *k* daarin, maar dan laat ons die *g* weg:

woning — *woninkie*.

Maak nou verkleinwoorde van die volgende Selfst. Naamwoorde:

boom, stroom, koning, ketting, naam, soom, duim, toring, skerm, pruim, halm, doring, skelm, wurm, oom, vorm, piering, storm, penning, riem, liggaam, karring, pluim, vertelling, afskorting.

53. 'n Stad in Duitsland is 'n Duitse stad.

'n Gewoonte van die Jode is 'n gewoonte.

Wyn uit Frankryk is wyn.

'n Boek in die taal van die Grieke is 'n boek.

Vrugte uit die Kaap is vrugte.

Die Kerk van Rome is die Kerk.

Kaas uit Leiden is kaas.

Haring uit Skotland is haring.

Linne uit Ierland is linne.

Boter uit Denemarke is boter.

Koeie uit Friesland is koeie.

Sy uit Indië is sy.

Vlees uit Australië is vlees.

Masiene uit Amerika is masiene.

Die wapen van die Transvaal is die wapen.

Wyn uit Spanje is wyn.

Gom uit Arabië is gom.

Tee uit Sjiena is tee.

Yster uit Swede is yster.

Die vlaktes van Rusland is die vlaktes.

Die vloot van Japan is die vloot.

'n Mummie uit Egipte is 'n mummie.

'n Kolonie van Portugal is 'n kolonie.

Tapyte uit Persië is tapyte.

54. 'n Bywoord sê nie altyd *hoe* iets gedoen word nie; partykeer sê dit *wanneer* iets gebeur; b.v.

Vandag skyn die son.

Wat is die *Werkwoord* in hierdie sin? *Skyn*.

Watter Bywoord behoort daarby? *Vandag*.

Wat sê daardie Bywoord vir ons? Dit sê *wanneer* die son skyn.

Soek die Bywoorde uit die volgende sinne, en sit langs elke Bywoord ook die Werkwoord waar dit bygevoeg is.

Die son skyn vandag.

Bywoord *vandag*, by die Werkwoord *skyn*.

Jan sal môre by ons kom.

Het Maria gister vir jou geskrywe?

Jou hond blaf altyd.

Nou het die winter gekom.

Hy lag nooit vir my uit nie.

Sannie kom dikwels by my.

Ons kry smôrens ons koerant.

Kinders gaan vroeg kooi-toe.

Ek verlang dadelik antwoord.

Koos gaan saans springhase skiet.

Gert kan altyd sy werk doen.

Wie moet nou antwoord?

My ma slaap smiddags 'n rukkie.

Ons gaan oormôre by my ouma kuier.

55. Die Kriekie en die Bye.

'n Kriekie klop eendag in die begin van die winter vermoeid, koud en hongerig aan die deur van 'n bynes. 'n Paar van die bye kom na buite toe en vra wat hy verlang. Hy sê hy wil graag 'n bietjie kos hê om sy honger te stil. Die bye kyk hom verbaas aan en vra hoe dit kom dat hy geen kos het nie. Hulle wil weet waar dan al die kos is wat hy in die somer versamel het. Maar hy antwoord: „Ek het niks versamel nie”. „Hoekom nie?” vra hulle weer. „Ek het geen tyd daarvoor gehad nie”, sê hy. „Wat?” sê hulle, „geen tyd nie? Maar wat het jy dan die hele somer uitgevoer?” Nou is die kriekie weer verwonderd. „Weet julle dan nie”, sê hy, „watter mooi musiek dit was wat julle elke dag van die somer gehoor het nie? Ek het aldag vir julle gesing”. „So”, antwoord die bye, „het jy die hele somer niks gedoen as sing nie? Dan moet jy nou maar liewers gaan dans. Jy het jou verdiende loon; want dié wat nie werk nie, sal ook nie eet nie”. En hulle maak hulle deur weer toe.

Lees hierdie stuk nog 'n paar keer oor; maak dan die boek toe en gee die storie in jou eie woorde weer.

56. Vul in. Sit agter die woorde wat jy invul 'n *e*.

My hond is altyd ewe dankbaar. Dit is 'n dankb..... dier.

Daardie hoed vind ek lelik. Ek dink dit is 'n l..... hoed.

Die partytjie was baie gesellig. Ja, dit was 'n g..... partytjie.

My broer is altyd fris en gesond. Hy is 'n g..... seun.

Die merk op daardie sak is duidelik genoeg. Dit is 'n d..... merk.

Die meester is altyd vrindelik vir ons. Hy is 'n v..... man.

Ons kombuismeid is nooit oneerlik nie. Sy is 'n e..... meid.

Hierdie poeding smaak heerlik. Dit is regtig 'n h..... poeding.

Ons perd is donkerbruin van kleur. Ek hou van 'n d..... perd.

'n Os is baie nuttig vir die boer. Dit is 'n n..... dier.

Soek nou uit al wat jy geskrywe het al die Selfstandige Naamwoorde, en skrywe agter elkeen die Byvoeglike Woorde wat daarby staan.

57. Hier kom weer Bywoorde, maar dié slag sê hulle *waar* iets gebeur.

Die son skyn *orals*.

Hierdie woord *orals* is gevoeg by die werkwoord *skyn*.

Soek in die volgende sinne die Bywoorde uit, en skrywe langs elkeen die Werkwoord waar die Bywoord by gaan.

Hier sit die stout seun.

Die soldate gaan voorwaarts.

Regsom keer!

Ons het die siek perd daar laat staan.

Hier het hy gestaan en huil.

Die reën val orals.

Die trein ry agteruit.

Moenie daar loop nie.

Anderkant staan ons huis.

Staan 'n bietjie eenkanttoe.

Kyk waar jy loop.

Die boere gaan noordwaarts.

Laat die honde maar vooruit loop.

Ek het die boek êrens neergelê.

Piet bly alweer agter.

58. Hier staan 'n klomp Byvoeglike Woorde; die kort woorde bly kort, maar die langes word nog langer, soos in hierdie twee voorbeelde.

Selfst. Nw. *Byvoegl. W.* .

stok kort; 'n kort stok.

stok buigsaam; 'n buigsame stok.

Waarmee word die lang Byvoegl. Woorde nog langer gemaak?

Sit nou die volgende Byvoegl. Woorde by die Selfst. Naamwoorde.

<i>Selfst. Nw.</i>	<i>Byvoegl. W.</i>	
lyn	lank ;	'n
paal	dik ;	'n
woord	lelik ;	'n
aand	gesellig ;	'n
dag	warm ;	'n
storm	verskriklik ;	'n
reën	groot ;	'n
vrou	fris ;	'n
man	gelukkig ;	'n
dier	gevaarlik ;	'n
jong	werksaam ;	'n
kaffer	lui ;	'n
storie	wonderlik ;	'n
krag	geweldig ;	'n
storie	mooi ;	'n
seun	stout ;	'n
kind	gehoorsaam ;	'n
winkelman	vriendelik ;	'n
pannekoek	plat ;	'n
ontmoeting	aangenaam ;	'n
mens	dronk ;	'n
fees	plesierig ;	'n
hond	kwaai ;	'n
lammetjie	sagsinnig ;	'n

59. Hier staan 'n klomp name:

timmerman, boer, dokter, onderwyser, smid, kat, perd, sprinkaan, hen, dief, smous, wolf, os, kaffer, ruspe, drywer.

Hier staan werkwoorde:

leer, vang, verskeur, verniel, saai, trek, steel, saag, skoffel, verkoop, lê, vreet, stoot, genees, stuur, klop.

Hier staan nog name:

kinders, skape, muis, ploeg, lande, plank, mielies, kool, eier, kar, yster, motor, lemoene, geld, sieke, koring.

Maak nou sinne: vat 'n naamwoord uit die eerste klomp, 'n werkwoord uit die tweede, en nog 'n naamwoord uit die derde. Op hierdie manier:

Die timmerman saag 'n plank.

Sit self maar die woordjies *die* en *'n* daarby.

60. Die son skyn *helder*.
 Die son skyn *vandag*.
 Die son skyn *orals*.

Helder sê die *manier* hoe die son skyn.

Vandag sê die *tyd* wanneer die son skyn.

Orals sê die *plek* of *plaas* waar die son skyn.

Helder is 'n Bywoord van *manier*.

Vandag is 'n Bywoord van *tyd*.

Orals is 'n Bywoord van *plaas*.

Skrywe nou tien Bywoorde van elke soort, elke soort in 'n aparte kolom.

Byw. v. manier: *Byw. v. tyd:* *Byw. v. plaas:*


.....

.....

.....

61.

'n Ongeluk.



Gee eers vir die seuntjies name, en vertel waar hulle woon.

Vertel dan wat hulle wou gaan doen en hoe die ongeluk toe gebeur het.

Wat doen die perd van die seuntjie wat afgeval het?

Wat doen die ander twee seuntjies? Wat gaan hulle nou verder doen?

Wie word dan daarby geroep? Vertel hoe jy dink dat dit dan verder sal afloop.

62. Skrywe hierdie sinne in twee stukke: die Onderwerp en die Gesegde.

My klein broertjie speel in die tuin.

Hy maak mooi klei-osse.

Die klei-osse moet die waentjie trek.

Die waentjie is van hout gemaak.

Ek gaan elke slag 'n rukkie kyk.
 Dan wys Willempie alles vir my.
 Dan help ek hom ook 'n bietjie.
 Ons het baie plesier.
 Die ander kinders vind die ossies mooi.
 Hulle wil ook graag 'n paar hê.
 Partykeer speel hulle met ons saam.
 Willem se ossies het baie groot horings.
 Daardeur breek hulle maklik.
 Dan moet Willempie weer nuwes aanmaak.
 Daarin het hy dan maar min plesier.

Onderwerp.

Gesegde.

My klein broertjie.

speel in die tuin.

63. Sit die volgende woorde in die meervoud:

hamer, lemoen, winkel, hondjie, bedelaar, koningin,
 meneer, minister, bandiet, ongeluk, boontjie, hamel,
 manel, papier, papiertjie, eetlepel, skrywer, frikkedel,
 geheim, juffer, wafel, getal, versoek, koekie, bottel,
 paleis, riempie, kameel, eiland, eilandjie.

64. Kyk na die woord *bol*. Dit het 'n kort klinker, en dit eindig met die medeklinker *l*. As ons hiervan 'n verkleinwoord maak, sit ons *etj* daarin vir tussenletters:

bol — *bolletjie*.

En waarom maak ons die *l* dubbel?

Op dieselfde manier maak ons met al die woorde wat 'n kort klinker het en met *l*, *m*, *n*, *r* en *ng* eindig.

Maak nou verkleinwoorde van die volgende Selfst. Naamwoorde:

lam, kar, kol, vul, ring, man, kan, tor, sprong, stem, pen, ster, tol, kom, tang, ken, plan, vel, ton, ding, slang, pol, kam, blom, tong, dam, vlam, spel, sin, val, stel, wang, snor, mol, kram, kring, skil, wal, pil, krul.

65. Vertel mooi wat jy tuis alles doen.

66. Hier is 'n aantal Selfstandige Naamwoorde:

boervrou, leeu, meid, miere, koei, hoenders, skrynwerker, aasvoël, koning, jagter, magistraat, meester, kaffer, visser, spinnekop.

Hier is enige Werkwoorde:

straf, timmer, was, bespring, verniel, eet, skiet, vang, regeer, drywe, kook, leer, vang, roep.

En hier volg weer 'n klompie Selfstandige Naamwoorde:

bok, houtwerk, wurms, land, klere, perd, osse, seep, kinders, spinnekop, dief, kas, baber, kalf, leeu.

Maak sinne met 'n woord uit elkeen van die drie groepe. Sit bo-aan:

Wat hulle doen.

67. Soek uit die Byvoeglike Woorde in hierdie sinne:

Hier is my boek.

Jan, bring jou lei hier.

Maria skrywe in haar skryfboek.

Willem het sy sikspens verloor.

Ons speel met ons hond.

Gert en Krisjan, hier is jul boeke.

Piet en Koos eet hulle padkos op.

Vul in:

Die boek is 'n besitting van my; ek hoor dit aan die woordjie *my*.

Die lei is 'n besitting van; ek hoor dit aan die woordjie

Die skryfboek is 'n besitting van; ek hoor dit aan die

Die sikspens is 'n besitting van; ek hoor dit aan die

Die hond is 'n besitting van; ek hoor dit aan die

Die boeke is 'n besitting van; ek hoor dit aan die

Die padkos is 'n besitting van; ek hoor dit aan die

Hierdie woordjies is *Besittlike* Byvoeglike Woorde.

68. Soek die Bywoorde in die volgende storie.

Sê by watter woord elke Bywoord behoort.

Sit by elke Bywoord of dit vir ons sê hoe, wanneer of waar iets gebeur.

Skrywe dan ook daaragter watter soort van Bywoord dit is, van *manier*, *tyd* of *plaas*.

Die Son en die Wind.

Die son en die wind het eendag gestry wie die sterkste was. „Ek kan gemaklik bome omblaas”, sê die wind, „Ek raas nie so hard as jy nie”, sê die son, „maar tog is ek sterker”. So stry hulle lank en heftig. Toe sien hulle ’n reisiger op die pad aankom. „Hier het ons nou ’n kans om die saak uit te maak”, sê die son. „Wie hom eerste sy jas laat uittrek, sal die sterkste wees”. Die wind probeer eers. Hy blaas hard en raas verskriklik; hy waaï koud, maar die reisiger knoop sy jas vaster om sy lyf. Toe kom die son uit. „Gee my nou ’n kans”, sê hy vir die wind. „Laat my vrin-delik teen hom glimlag”. Helder skyn hy, en gou-gou gooi die reisiger sy jas eenkant. So het dit geblyk dat die son die sterkste was.

<i>Bywoora</i>	<i>Behoort by</i>	<i>Hoe wanneer of waar.</i>	<i>Soort v. Byw.</i>

69. Die Kind en die Hond.

Die ouers van 'n sekere seuntjie was dood. Sy oom het toe belowe om vir hom te sorg. Die ou man, wat alte suinig was, koop egter so min kos, dat die seuntjie selde 'n goeie maal kry. Eendag kom daar 'n man met 'n windhond om die ou gierigaard te sien. 'n Windhond is gewoonlik maar baie maer, en die seuntjie het nog nooit so 'n skraal dier gesien nie. Hy dink toe dat die dier so maer is omdat hy nie genoeg kos kry nie, soos dit met homself die geval was. Die seuntjie kry toe vir die arme hond baie jammer. Hy slaan sy arms om die hond se nek en sê: „Arme hond, woon jy ook by jou oom?” Die ou man hoor dit en word toe baie skaam. Van dié tyd af het die seuntjie elke dag genoeg kos gekry.

Lees hierdie storie 'n paar maal oor, en skrywe dit dan, sonder die boek, in jou eie woorde.


70. vader, tante, hen, juffrou, meneer, kaptein, haan, ram, meester, nooi, oom, moeder, ousus, smid, skryfster, dief, broer, dame, koningin, jongkêrel, prins, koopman, merrie, ooi, bul, sondares, wasmeid, dogter, dokter, boer.

Skrywe hierdie woorde in twee kolomme. Bo die een moet staan *manlik*; bo die ander een: *vroulik*. Sit dan 'n Voornaamwoord agter elke woord.

<i>Manlik.</i>	<i>Vroulik.</i>
vader: hy.	tante: sy.

71.

Twee Perde.



Hier staan twee perde. Vir wie staan hulle hier en wag? Die baas van die fiets is Gert Meier, en die baas van die ander perd is Jan van der Merwe. Hulle sit daarbinne in die huis en praat wie die beste perd het. Gert dink 'n fiets is beter as 'n perd, en Jan sê net andersom. Vertel nou wat elkeen van hulle sê. Eers moet Jan praat; dan Gert; dan Jan weer, en so verder, tot hulle uitgepraat is.

72. Hier staan 'n aantal werkwoorde. Sit by elke Ww. 'n Bywoord van *manier*, en maak dan 'n sin waarin die werkw. met sy Bywoord in voorkom.

loop, skrywe, sing, kom, lees, roep, leer, reken, bring, pla, slaap, raas, dink, gaan, speel.

B.v. praat — *hard* praat.

Die manne praat hard, omdat die wind so raas.

73. Klein Piet kan nog nie goed praat nie. As hy buitetoë wil gaan, sê hy: „Ma, mag Piet buitetoë gaan? Piet wil buite speel”.

Hoe sal 'n groot seun dit sê?

Watter woordjie sal 'n groot seun vir sy eie naam gebruik?

Hy sal sê: *ek*.

En Ma sê: „Ja, Piet kan maar buitetoë gaan, maar dan moet Piet nie in die water mors nie, hoor!”

Hoe sal Ma dit sê as Piet 'n groot seun is?

Dan sal Ma sê: *jy*.

Onthou dit nou:

Die woorde *ek* en *jy* is ook *voornaamwoorde*.

Ek is die een wat praat.

Jy is die een teen wie iemand praat.

1. Jan sê vir Hans: „Ek gaan visvang; gaan jy saam?”
2. Hans sê: „Nee, jy moet maar alleen gaan, want ek moet al my huiswerk nog maak”.
3. Annie sê: „Bettie, sal jy my netnou help om die skottelgoed te was? Ek sal anders baie laat klaarkom”.
4. Bettie antwoord: „Ek moet na die winkel toe gaan, maar as jy gou maak, sal ek jou eers help”.
5. Flip vra vir Lenie: „Weet jy waar die brood is? Ek is honger”.
6. Lenie sê: „Ja, ek weet waar dit is, maar jy moet maar liewers wag totdat Ma tuis kom”.

7. Ma sê vir Pa: „Ek het al uitgekyk of jy nog nie tuiskom nie”.
8. Pa sê: „Nou ja, ek het mos nou gekom; wat praat jy dan nog?”

Skrywe hierdie sinne oor en trek onder al die voornaamwoorde 'n strepie. Skrywe dan op wat die woordjies *ek* en *jy* elke keer bedoel, op hierdie manier:

Ek in die eerste sin beteken Jan

Jy in die eerste sin beteken....

Ek in die tweede sin beteken....

74. Watter letter sit ons agter 'n Selfstandige Naamwoord, om die meervoud daarvan te kry, *e* of *s*? Ons sal sien.

boek — boeke; kamer — kamers.

Hoeveel lettergrepe het *boek*? Net maar een.

Onthou nou: *Woorde van een lettergreep maak hulle meervoud met e.*

Maar onthou ook die volgende woorde, want hulle kry nie *e* nie, maar *s* in die meervoud:

oom — ooms; maat — maats (of maters)

neef — neefs; saal — saals

pa — pa's; roer — roers

ma — ma's; leeu — leeus

broer — broers; spreek — spreekus

seun — seuns; jaart — jaarts

Hoekom skrywe ons *pa's* en *ma's* met 's in plaas van s? Daardie teken se naam is 'n *weglatingsteken*.

Watter letter laat ons dan uit hierdie twee woorde weg?

Onthou ook die volgende woorde wat met die letters *lm* en *rm* eindig:

skelm — skelms; arm — arms; skerm — skerms
halm — halms; wurm — wurms; swerm — swerms
palm — palms; storm — storms; derm — derms

Skrywe nou die meervoud van die volgende woorde:

man, perd, os, lepel, vurk, letter, arm, stap, leeu,
rok, boompie, seun, seuntjie, stem, hond, hoed, saal,
net, hok, neef, nefie, spreek, dorp, wurm, dop,
skelm, rok, rokkie, storm, kerk.

75. Vertel alles wat jy weet van 'n meid.

76. Skrywe 6 Bywoorde van *Tyd* en 6 van *Plaas* op, en maak dan sinne waarin daardie Bywoorde voorkom.

77. Vul in:


'n Jongetjie is manlik: hy.	My oupa.....
'n Meisie is vroulik: sy.	Ons buurvrou
'n Kaffer.....	Ons onderwyseres...
'n Koei.....	Ons buurman.....
'n Prinses.....	Ons onderwyser.....
'n Koning.....	'n Digter.....

'n Meid	'n Sanger
'n Bul	'n Keiserin
'n Hings	'n Skrywer
'n Merrie	'n Seun
My broer	'n Ram
My ouma	'n Ooi
My sussie	'n Dogter
My niggie	'n Digteres
My neef	'n Keiser

78. Vul in:

- 'n Lepel wat van silwer gemaak is, noem ons 'n
- 'n Broek wat van ferweel gemaak is, noem ons 'n
- 'n Rok wat van sy gemaak is,
- 'n Vloer wat van klip gemaak is,
- 'n Ketel wat van koper gemaak is,
- 'n Trommel wat van blik gemaak is,
- 'n Broek wat van vel gemaak is,
- 'n Knop wat van yster gemaak is,
- 'n Baadjie wat van wol gemaak is,
- 'n Been wat van hout gemaak is,
- 'n Hoed wat van velt gemaak is,
- 'n Vloer wat van grond gemaak is,
- 'n Sakkie wat van leer gemaak is,
- 'n Paal wat van yster gemaak is,
- Kouse wat van sy gemaak is,
- 'n Kombers wat van wol gemaak is,
- Draad wat van staal gemaak is,
- 'n Vloer wat van sement gemaak is,
- 'n Wastafel wat van marmer gemaak is,
- 'n Koppie wat van porselein gemaak is,

79.

'n Brief.

Hierdie seun se naam is Hendrik Vermaak. Hy woon op Rietvlei. Hy skrywe aan sy vriend Krisjan van Dyk. Krisjan woon op Vlakpan. Hendrik wil hê dat Krisjan by hom moet kom as in die volgende maand hul vakansie begin. Hy het vir sy ouers gevra of Krisjan mag kom, en hulle vind dit goed. Nou skrywe hy wat hulle dan alles sal doen, want daar is perde by Hendrik hulle, daar is springhase in die veld, hulle het 'n groot dam en 'n boord met baie van alle soorte vrugte. Ook gaan Hendrik se mense dikwels dorp-toe na die winkels. Dit alles en nog meer vertel hy in die brief.

Dink nou jy is Hendrik. Skrywe dan dieselfde brief. Eers moet jy die woonplaas en die datum bo-aan skrywe. En skrywe onderaan apart ook die adres wat op die koevert moet staan.

80. Lees hierdie sinne:

My ou hond kan vinnig hardloop.
 Daardie arme man het gister sy been gebreek.
 Met 'n beleefde buiging kom hy nader.
 Ek sal u môre 'n antwoord op u brief stuur.
 Wie 'n hond wil slaan, kan maklik 'n stok kry.
 Ek gaan môre na my oom toe.
 Daar kom ons jong met my ryperd.
 Jou broer het lank en hard gewerk.
 Nou kan hy lekker uitrus van sy werk.
 Daardie klein voëltjies sing smôrens tog so mooi.
 Die arme siek man gaan vinnig agteruit.
 Ons klein boetie gaan saans vroeg slaap.

Maak vier kolomme. Sit in die eerste die Selfst. Naamwoorde; in die tweede die Byvoeglike Woorde wat by elke Snw. behoort; in die derde die Werkwoorde, en in die vierde die Bywoorde wat by daardie Werkwoorde behoort. Hou elke sin apart deur 'n streep daaronder te sit. B.v.:

<i>Selfst. Nw.</i>	<i>Byvoegl. W.</i>	<i>Werkw.</i>	<i>Byw.</i>
hond	my, ou	kan hardloop	vinnig
man			
been			
buiging			

Ons is ook die Uitgewers van:

DE BUSSY SE LEESBOEK VIR SUID-AFRIKA

DEUR

K. BONSMa en P. J. KLOPPERS

STANDAARDS I - VI.

STANDAARD	I . . . 2/-		STANDAARD	IV . . 2/9
"	II . . . 2/-		"	V . . 3/-
"	III . . . 2/6		"	VI . . 3/6

Goedgekeur deur die Skoolboeke-Kommissie van
die Suidafrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns.

EERS PRAAT DAN SKRYWE

**'N METODIESE LEERGANG OM KINDERS TE
LEER SUIWER PRAAT EN SKRYWE**

DEUR

DR. N. M. HOOGENHOUT,

Prinsipaal van die Normaalskool, Pretoria

EN

P. J. KLOPPERS,

Inspekteur van Skole, Sentrale Rand.

BOEKIES I—III 1/- elkeen.

BOEKIES VIR DIE KLEINSPAN

Die mooiste Boekies vir die Kinders:

- No. 1.** Sprokies van H. C. Andersen. (Twede druk).
- „ **2.** Sprokies van Gebr. Grimm. (Twede druk).
- „ **3.** Die Fabels van Esopus. (Twede druk).
- „ **4.** Gulliver in Lilliput. (Twede druk).
- „ **5.** Arabiese Nag-stories. (Derde druk).
- „ **6.** Awonture van die Swerwer-held Don Kwiksot. (Twede druk).
- „ **7.** Jakkalsstreke. 'n Vrye vertaling van „Reinaart de Vos”. (Twede druk).
- „ **8.** Uilspieël. 'n Vrye vertaling van „Tyl Uilenspiegel”. (Twede druk).
- „ **9.** Die Awonture van
Baron von Munchhausen.
- „ **10.** Die Hut van Outa Tom.

Die Boekies is in Afrikaans bewerk deur Meneer

P. A. M. BRINK,

en daar is baie prentjies in.

Die prys van elke boekie is **3/-** posvry.

**BESTEL TOG DIE BOEKIES VIR U KINDERS, HULLE
SAL ALTE BLY WEES.**

By die uitgewers van hierdie serie het ook verskyn:

„ALLERLEI”

Ses Samesprake vir Skoolkinders

DEUR

MAXIE DE VILLIERS.

*Instruktriese Kindertuin-Metode
Opleidingskollege, Wellington.*

Prys 1/4 posvry.

SPEELGOEDLAND

Tweetalige Kinderspeletjies

Prys 6/- posvry.

DEUR

MAXIE DE VILLIERS.

Mejuffrou TISMEER, Dept. Instruktriese in Kindertuin-Metodes, skrywe oor hierdie boek:

Dis my 'n plesier 'n paar reëls van goedkeuring te skrywe oor hierdie speletjies. Hul getuig van talent in 'n begrip van die kindersiel, omdat die onderwerpe, woorde en musiek binne die verstandsvermoë is van die kind in die Kindertuin. Daar die Speletjies geskrywe is in altwee die landstale, voldoen hul aan die vereistes van Konsertspeletjies vir die Kindertuin en hul kan spesiaal as sulks aanbeveel word.

